# HOOFSTUK 5

## OUERBETROKKENHEID IN DIE OPVOEDENDE ONDERWYS BY PRIMÊRE SKOLE VAN BLANKE KINDERS IN SUID-AFRIKA (1652-1991)

### 5.1 INLEIDING

In Hoofstuk 4 is 'n aanduiding gegee van die rol wat die ouers in die Verenigde State van Amerika gespeel het in die opvoedende onderwys van hulle kinders. Hoewel dit skyn asof daar in sommige state van Amerika doeltreffende ouerbetrokkenheid is, kan die funksionering van hulle ouerbetrokkenheid nie sonder meer in die R.S.A. toegepas word nie. Die vernaamste rede hiervoor is dat elke volk volgens eie aard en kragtens sy eie historisiteit 'n eie identiteit verwerf het wat hom uniek maak tussen die volke van die wêreld. In elke vernuwingspoging bly 'n volk onverbreeklik verbonde aan sy verlede wat medebepalend is vir sy toekoms. Omdat die verlede van 'n volk steeds in die hede opgesluit is, verwys die hede tegerlykertyd na wat kom.

Om 'n verantwoordbare stelsel vir die toekoms voor te stel, gaan die historiese momente ondersoek word om dit wat in die verlede haalbaar was, as riglyne te gebruik. Daar gaan gepoog word om riglyne neer te lê oor die rol van die blanke ouer op mikro-onderwysvlak in die opvoedende onderwys van die primêre skool soos dit uit die historiese ontwikkeling van ouerbetrokkenheid by opvoedende onderwys in Suid-Afrika uitgekristalliseer het.

In hierdie hoofstuk gaan ouerbetrokkenheid in die opvoedende onderwys by primêre skole van blanke kinders in Suid Afrika sedert 1652 ondersoek word. Die verloop en konkretisering van ouerbetrokkenheid volgens reformatoriese uitgangspunte in die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel gaan ook nagespeur word.

Daar sal in die verband eers gelet word op die ouerlike aandeel in die opvoedende onderwys van die kind gedurende die Kaapse tydperk. Die onderwysgeskiedenis in die Kaap, vanaf die tydperk 1652 tot 1839, het in 'n groot mate die onderwysontwikkeling van Transvaal bepaal (Barnard, 1979:1). Voorts sal die wyses van ouerbetrokkenheid by die opvoedende onderwys histories ondersoek word.

Die historiese tydperke wat ondersoek gaan word, sal in vier tydperke verdeel word, naamlik:

- 1652-1806
- 1806-1910
- 1910-1967
- 1967-1991

Die bepaalde tydperke word gekies omdat dit die hoofmomente van die blankes in Suid-Afrikaanse opvoedende onderwysgeskiedenis saamvat. Die tydperk 1652 tot 1806 dui op die eerste jare van die volksplanting en ontwikkeling in 'n nuwe vaderland terwyl die tydperk 1806 tot 1910 die stryd om oorheersing deur ander moondhede en die gevolge wat daarmee gepaard gegaan het, soos byvoorbeeld die Groot Trek, aantoon. Waar die tydperk 1910 tot 1967 ingelui is deur die Uniewording van Suid-Afrika, het die opvoedende onderwys deur die smeltkroes gegaan om die weg vir Nasionale onderwys te baan, want vanaf 1967 tot 1991 was Nasionale onderwys aan die orde van die dag.

In elke afsonderlike tydperk sal ouerbetrokkenheid ten opsigte van opvoedende onderwys van die kind ondersoek word volgens die vier essensies: onvoorwaardelike aanvaarding, beskikbaarheid van die ouer, skep van 'n geborgenheidsruimte asook die ouer as kultuurdraer.

Na die bespreking van die afsonderlike tydperke word daar aan die einde van hierdie hoofstuk 'n oorkoepelende evaluering van ouerbetrokkenheid in die opvoedende onderwys van die blanke kinders in Suid-Afrika (1652-1991) gemaak.

Dit is nie moontlik en vir hierdie studie nodig om 'n volledige weergawe van alle ouerbetrokkenheid by die Suid-Afrikaanse opvoedende onderwys gedurende die bepaalde tye weer te gee nie. Dit is egter moontlik en nodig om op 'n oorsigtelike wyse aan te toon in hoe 'n mate die blanke Christenouers sedert 1652 by die opvoedende onderwys van hulle kinders betrokke was.

## 5.2 KULTUURHISTORIESE AGTERGROND

In 1652 het die Nederlanders met Jan van Riebeeck aan die spits 'n halfweghuis aan die Kaap die Goeie Hoop gestig, waarvandaan hulle geleidelik die binneland begin verken en binnegedring het (Barnard, 1978:47).

Die onderwys in die Westerse wêreld is uit die kerk gebore en is deur al die eeue heen deur die kerk gedra. Ook in Suid-Afrika was die kerk vanaf die volksplanting die moeder, die draer en die kampvegter van die onderwys, aanvanklik onder die toesig van die Classis van Amsterdam. Die kerk was altyd op die voorpunt in die stryd om die volkseie in die onderwys, die moedertaal (eers Hollands en daarna Afrikaans) die ouerseggenskap en die regmatige plek vir godsdiensonderrig op skool te vestig (Volkskongres, 1969:7).

Hoewel daar reeds in 1658 'n skool vir slawe opgerig is, het dit nog vyf jaar geduur voordat die blanke kinders aan die Kaap in hierdie voorreg kon deel. Die verklaring van hierdie verskynsel kan gesoek word in faktore soos die kapitalistiese politiek van die bewindhebbers en ook 'n klaarblyklike onverskilligheid aan die kant van die inwoners van die Kaap aangaande kulturele sake (Coetzee, 1963:3).

In 1683 word die eerste skool te Stellenboch gestig. Die kinders het geleer lees, skryf en reken. Die belangrikste deel van die kinders se onderwys was die godsdiens. Op 13-jarige ouderdom was die leerlinge as volleerd geag (Dominicus, 1919:69).

Die eerste honderd en vyftig jaar van ontberings en pionierskap was die maalstroom waardeur dié Suid-Afrikaanse volk moes gaan om 'n eie karakter van nasionalisme te ontwikkel... "All their attachment and all their interests were centred in South Africa and though no one had any deep love for a particular locality, everyone had a strong affection for the country as a whole. They called themselves Afrikaanders, a term in common use at least as early as 1735" (Theal, 1916:285).

Die Franse Hugenote het hulle aan die einde van die sewentiende eeu aan die Kaap gevestig. Vanaf die agtiende eeu het 'n betekenisvolle getal Duitsers na die Kaap gekom. Gedurende die agtiende eeu het die Staat nog nie sy pligte ten opsigte van die onderwys nagekom nie en was dit gewoonlik aan die ouers self oorgelaat om te sorg vir die opvoedende onderwys van hulle kinders. Op die platteland moes die ouers meesal of iemand huur om die kinders te leer lees, skrywe en reken of anders self hierdie taak benewens hul daaglikse arbeid onderneem (Mulder, 1972:15; Barnard, 1978:47).

Die geskrewe woord, met ander woorde boeke of koerante, was vir die Suid-Afrikaner aan die Kaap skaars. "Boeken waren slechts bij uitzondering aanwezig. De Bijbel en het gezangboek van Willen Sluyters waren de enige boeken, die men kende" (Dominicus, 1919:40).

Kort na 1806 begin die Britse bewindhebbers om die voertaal in die Kaapse skole Engels te maak. Die Britse verengelsingsbeleid was daarop gemik dat die opkomende geslag Afri-

kaanse kinders deur middel van die onderwys tot die aanvaarding van die Engelse taal en kultuur moes kom (Scholtz, 1970:139).

Vanaf 1835 het die boere van die Oostelike grensgebied van die Kaapkolonie hulle plase stelselmatig verlaat en oor die Vaalrivier noordwaarts getrek. Die wisselende trekomstandighede het veroorsaak dat daar aanvanklik geen georganiseerde onderwys was nie. Die Staat kon in dié tyd nie verantwoordelikheid vir die onderwys aanvaar nie en die onderwys was beperk tot huislike onderrig of die gebruikmaking van ongekwalifiseerde gehuurde onderwysers vir kort tydperke (De Langen, 1981:13).

Gedurende die periode 1837-1839 was die gehalte van die Trekkers se onderwys in Natal besonder swak. Dit het nie beteken dat die Boere nie in hulle kinders se opvoedende onderwys belang gestel het nie. Trouens, die Boere was deurgaans oor hulle eie en hulle kinders se godsdienstige behoeftes besorg. Dit word onder meer gestaaf deur die eed wat Piet Retief op 11 Julie 1837 in Natal afgelê het, waar hy in sy hoedanigheid as goewerneur moes beloof om die kerk en die onderwys te beskerm (Coetzee, 1963:222).

Met verloop van tyd het daar in elke provinsie 'n eiesoortige onderwysstelsel ontwikkel. So het die Transvaalse bevolking in die laaste helfte van die negentiende eeu 'n onderwysstelsel na eie aard en lewensbeskouing ontwikkel met die vaste geloof dat onderwys in 'n Christelike gees gegee moes word en dat die ouer verantwoordelik moes wees vir sy kind se opvoeding. Deur middel van ouerbenoemde plaaslike skoolbesture was die ouer se aandeel verseker (Boshoff, 1959:34-35).

Die Tweede Vryheidsoorlog (1899-1902) het op die gebied van onderwys ontwrigtend op die Afrikaner ingewerk. Met die burgers op kommando of in die krygsgevangenekampe, die vroue en kinders in konsentrasiekampe of op vlug en met die Britse soldate oral in die land, het daar van 'n georganiseerde kerk- en skoolwese weinig oorgebly (Van der Walt, 1966:436).

Die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika op 31 Mei 1910 het 'n nuwe tydperk in die geskiedenis van Suid-Afrika ingelui. Die staatkundige verdeeldheid van meer as 'n halwe eeu is daarmee beëindig en die twee voormalige Afrikanerrepublieke is met die twee Britse kolonies in een staat saamgevoeg (Liebenberg, 1984:389).

Gedurende die jare 1930 tot 1932 was daar op haas elke gebied van die ekonomie 'n insinking te bespeur. As gevolg van die Depressie is veral die boerebevolking van die land swaar getref. Gedurende die tydperk moes die Afrikaners die trauma van verstedeliking en verarming ondergaan wat noodwendig ook 'n invloed uitgeoefen het op die onderwys

van dié tydperk. Die ouers moes buite die gesinsverband 'n ekonomiese heenkome vind. 'n Verlies het plaasgevind op die terrein van sosiaal-kulturele en sosiaal-pedagogiese funksie van die gesin, omdat ander samelewingsverbande van die funksies van die gesin oorgeneem het, die skool het byvoorbeeld gedurende skoolure en ook vir naskoolse bydrywighede die kinders onder die gesag van die ouers weggeneem (Joubert, 1975:4; Joubert, 1972:13).

Nieteenstaande die Tweede Wêreldoorlog (1939-1948) was dit opvallend dat die Suid-Afrikaanse ekonomie in die jare 'n opbloei getoon het. Die lewenstandaarde het verbeter, want tydens die oorlog het die armer klasse se inkomste gestyg. Gedurende 1944 is 'n stelsel van dubbelmediumonderwys in die provinsies met uitsondering van die Vrystaat in werking gestel (Liebenberg, 1984:459; Van der Walt, 1966:553).

Op 31 Mei 1961 is nog 'n mylpaal in die geskiedenis van Suid-Afrika bereik toe die Republiek van Suid-Afrika tot stand gekom het. Die grondwet het weinig verskil van dié van die Unie van Suid-Afrika (Liebenberg, 1984:519).

Saam met die staatkundige bedeling van 'n Driekamerparlement in 1985 het ook 'n nuwe onderwysbedeling gekom. Die Grondwet van die RSA het voorsiening gemaak vir drie Huise in die Parlement, naamlik die Volksraad (blankes), die Huis van Verteenwoordigers (kleurlinge) en die Huis van Afgevaardigdes (Indiërs). Wat die onderwys betref is vir elke huis 'n Departement van Onderwys en Kultuur en vir die swartes 'n Departement van Onderwys en Ontwikkelingshulp saamgestel om Eie Sake te behartig. Die onderwys van die drie eersgenoemde bevolkingsgroepe word in die nuwe staatkundige bedeling afsonderlik as eie sake geadministreer. Sekere onderwysaangeleenthede word as algemene sake beskou en deur algemene wette gereël. Die Departement van Nasionale Opvoeding is in beheer van die Algemene onderwyssake (Witskrif, 1983:4-7; South Africa, 1988:101,485).

## 5.3 OUERBETROKKENHEID BY OPVOEDENDE ONDERWYS TYDENS DIE TYDPERK 1652 TOT 1806

### 5.3.1 Oriëntering

Die inisiatief vir die stigting van skole het gedurende die Nederlandse bewind aan die Kaap van die Gereformeerde Kerk uitgegaan. Die kerk het 'n sterk reformatoriese tradisie vanuit Nederland na die Kaap oorgedra (Hattingh, 1978:36).

Ouerbetrokkenheid was gegrond op die lewensbeskoulike uitgangspunte van die nedersetters. Die primêre doel van die opvoedende onderwys was om die kind voor te berei vir die aflegging van geloofsbelydenis. Die gevolg van hierdie lewensopvatting van die nedersetters was dat die plaaslike beheer in die hande van die kerkrade was. Die Kerk was grotendeels onder Staatsbeheer en die predikante was deur die regering aangestel en besoldig (Hattingh, 1978:27; Barnard, 1979:3).

De Mist, die Kommissaris tydens die Bataafse Bewind (1803-1806), het weggebreek van die onderwystradisie van die eerste honderd en vyftig jaar. Die onderwysdoel was nie meer die belydenisaflegging nie maar die vorming van goeie burgers. Die Skoolorde wat De Mist in 1804 uitgevaardig het, het die eertydse gereformeerde staatskool verander na 'n liberale staatskool, terwyl die direkte aandeel van die kerk en ouers verdwyn het (Steyn, 1980:35; Snyman, 1976:38).

### 5.3.2 Onvoorwaardelike aanvaarding

Ouerbetrokkenheid by die opvoedende onderwys van hulle kinders tydens die tydperk 1652 tot 1806 het ten doel gehad die aflegging van die geloofsbelydenis, wat gegrond was op die ouers se doopbelofte. Met die aflegging van die doopbelofte het die ouers hulle kinders onvoorwaardelik aanvaar (Steyn, 1980:26-27).

'n Verdere bewys daarvan dat ouers hul kinders onvoorwaardelik aanvaar het gedurende bogenoemde tydperk is geleë in die feit dat hulle hul kinders geleentheid gegee het om naas die voorsang by die godsdiensoefening ook in die Bybel te laat naslaan. Dié handeling van die ouers het plaasgevind omdat hulle opvoedende onderwys gemik was op die bereiking van waardige lidmaatskap van die kerk (Lubbe, 1942:81).

Die ouers het gedurende die Nederlandse bewind deur middel van die kerkrade die implikasies wat hulle doopbelofte ingehou het, nagekom, naamlik om toe te sien dat die gees en rigting van die skole ooreenstem met die belydenis van hulle kerk en met hulle lewensopvatting (Postma, 1987:127).

Die harde eise wat die ongetemde land aan die mense gestel het, het meegebring dat die ouers hul kinders so spoedig moontlik volwasse wou hê. Die ouers se Christelike beskouing dat die mens tot alle kwaad geneig was, het daartoe gelei dat die kinders streng behandel moes word om gehoorsaamheid aan die dag te lê. Die kind moes dus op sy beurt 'n bydrae tot sy onvoorwaardelike aanvaarding lewer (Pistorius, 1978:268).

'n Verdere bewys dat die gemeenskap hulle kinders so spoedig moontlik volwasse wou hê, blyk uit die feit dat 'n seun deur sy ouers en die gemeenskap as volwasse aanvaar is sodra hy vyftien jaar oud geword het. Hy was ook dan as sodanig behandel. Gedurende die eerste helfte van die agtiende eeu moes die seun op vyftienjarige leeftyd ingeskryf word om militêre diens te verrig (Dominicus, 1919:69).

### 5.3.3 Beskikbaarheid van die ouers

Die ouers aan die Kaap het in 1663 vir die eerste keer amptelik geleentheid gekry om hulself beskikbaar te stel tot voordeel van hulle kinders se opvoedende onderwys. Nadat die eerste onderwyser, Ernestus Beck aangewys is as onderwyser by die eerste blanke skool, moes die ouers hulself formeel beskikbaar stel vir hulle kinders se opvoedende onderwys. Die ouers moes maandeliks die onderwyser se salaris betaal soos deur die regering bepaal (Coetzee, 1963:3).

Die koloniste van Stellenbosch het in 1683 'n versoekskrif aan die Politieke Raad gerig. Daaruit kan afgelei word dat die ouers bekommerd was oor hulle kinders se opvoedende onderwys en dat hulle as ouers hulself beskikbaar gestel het tot die oprigting van 'n skoolgebou. Die regering het hierdie versoek toegestaan en die koloniste moes net die boumateriaal verskaf (Van der Walt, 1966:67).

Sedert 1692 was die koloniste genoodsaak om die "geleerdste van hulle knegte ook as huisonderwysers vir hulle kinders te gebruik". Die salaris wat die ouers aan die skoolmeesterknegte betaal het, het weinig verskil van dié van die gewone boereknegte. Die ouers se finansiële beskikbaarheid was in hierdie geval beperk tot sewentien guldens per maand en ook behoorlike huisvesting, kos en drank vir die skoolmeester se dienste (Coetzee, 1963:9).

Veral op die platteland was die opvoedende onderwys swak en die ouers moes self sorg dra daarvoor of dit oorlaat aan die swerwende meesters. Dit blyk dat die koloniste-ouers van dié tydperk, wat in baie primitiewe omstandighede geleef het, hulself beskikbaar gestel het om aan hul kinders die nodige opvoedende onderwys te verskaf deur hulle kinders te leer Bybel lees en skryf (Lubbe, 1942:35).

Die verafgeleë plase het ook die omstandighede vir die plaaskinders so bemoeilik dat hulle nie deur die sieketroostermeester onderwys kon word nie. Die tipe skole waar die sieketrooster die onderwys verskaf het is gevorm waar die bevolkingsdigtheid groter was. Die ouers van twee of drie plase het saamgestaan om die dienste van 'n onderwyser vir ses of twaalf maande te bekom. Deur hierdie noodsaaklikheid vir hulle kinders te reël, het die ouers hulle tot die beskikking van hulle kinders se opvoedende onderwys gestel (Malherbe, 1976:36).

’n Model ten opsigte van ouerbetrokkenheid aan die hand van die vereiste “beskikbaarheid van die ouer” het byvoorbeeld in 1792 tot stand gekom toe onderkoopman Olof de Wet in belang van die opvoedende onderwys van sy kleinkinders vir Jacob Ziegler as privaatonderwyser laat kom het (Coetzee, 1963:26).

### 5.3.4 Skep van geborgenheidsruimte

Afstande het ’n groot gedeelte van die inwoners van die Kaapkolonie in die sewentiende eeu verhinder om van die gevestigde skole gebruik te maak. Deur die omstandighede was daar geleentheid vir die ouers om vir hulle kinders ’n geborgenheidsruimte te skep. Die ouers moes ’n huisonderwyser of boeremeester in die huishouding opneem om die kinders te onderwys wat laasgenoemde die geleentheid gebied het om in die geborgenheidsruimte van die ouerhuis opvoedend onderwys te word (Coetzee, 1963:8).

Die hele bestaan en lewenswyse van die gevestigde Koloniste was patriargaal van aard. Die hele gesin is besig gehou en goed versorg. Veral die moeder het sorg gedra vir die groot huishouding, vir die kos en klere, botter en seep; trouens, vir die totale liefdevolle versorging van die gesin, wat daarop dui dat sy grootliks verantwoordelik was vir die skep van ’n geborgenheidsruimte vir haar kinders (Lubbe, 1942:46-47).

Die ouers in verafgeleë dele het die ernstige gebrek aan onderwysaangeleenthede vir hulle kinders aangevoel. Dit het aanleiding gegee tot pogings om vir hulle kinders geborgenheidsruimtes vir opvoedende onderwys te skep. Die sorgeloosheid en onverskilligheid van die verlede het meer en meer plek gemaak vir die nodige besorgdheid oor die toestand van onbekwame onderwysers en dat die stelsel van rondgaande onderwysers nie meer aan die behoeftes van die tyd kon voldoen nie (Coetzee, 1963:144).

Laat in die agtiende eeu was daar reeds heelwat skole in Kaapland. Slegs die ouers wat dit kon bekostig het onderwysers gehuur wat aan hulle kinders gesamentlik of in hul eie huise onderwys gegee het. Die ouers kon dus vir hulle kinders ’n geborgenheidsruimte vir opvoedende onderwys skep (Coetzee, 1963:27).

### 5.3.5 Ouers as kultuurdraers

Met die koms van Jan van Riebeeck na die Kaap in 1652 het Nederland ’n lang godsdiensstryd agter die rug gehad. Dit was verstaanbaar dat hierdie immigrante ’n diepe godsdienssin sou oordra na die nuwe vaderland. Hierdie godsdienssin van die Nederlanders was egter ook versterk deur die toevoeging van die Franse Hugenote tot die Kaapse ge-

meenskap in 1688. Die koloniste-ouers was daarop ingestel dat hulle kinders hulself moes voorberei vir kerklidmaatskap. Met kerklidmaatskap as doelwit het die ouers hulle kinders die Bybel sowel as die Kategismis geleer lees en dit verstaanbaar gemaak (Behr, 1978:2).

Sedert die volksplanting het blanke sowel as nie-blanke kinders saam op die skoolbanke van die eerste skool gesit. Die koloniste-ouers het besef dat die verskil in beskawingspeil tussen die kinders met 'n Wes-Europese agtergrond en kinders met 'n Afrika-agtergrond nie bevorderlik was vir die kinders se opvoedende onderwys nie. Na vertoë wat deur die Kaapse kerkraad (waarby ouers ingesluit was) tot die Politieke Raad gerig was, het die Politieke Raad op 28 Desember 1676 besluit op aparte skole vir blanke en nie-blanke kinders. Die ouers het dus hulle verantwoordelikheid ten opsigte van hul kultuuroordrag nagekom (Scholtz, 1967:136).

Die koloniste-ouers van Stellenbosch het in 1683 op die volgende manier bewys gelewer dat hulle as kultuurdraers bekommerd was oor hulle kinders se opvoedende onderwys: Omdat daar geen skool vir hulle kinders was nie en die naaste kerk in die Kaap, was dit die ouers se mening dat die kinders wild grootgeword het. Hulle het toe 'n versoekskrif aan die Politieke Raad gerig in verband met die gebrek aan 'n eie kerk en skool vir hulle kinders. 'n Eie kerk en skool is dadelik deur die regering toegestaan (Van der Walt, 1966:67).

'n Verdere bewys daarvan dat die ouers bekommerd was oor die opvoedende onderwys van hulle kinders kan afgelei word uit die feit dat ouers van die Franse Hugenotekinders ook in 1690 'n versoekskrif aan die regering gerig het om 'n eie kerk te mag stig. Die versoek is ook toegestaan. Die Franse wat hoofsaaklik in Drakenstein gevestig was, het hierdeur bewys gelewer dat hulle as ouers as kultuurdraers opgetree het (Coetzee, 1963:7; Van der Walt, 1966:71).

## 5.4 OUERBETROKKENHEID TYDENS DIE TYDPERK 1806 TOT 1910

### 5.4.1 Oriëntering

Met die koms van Somerset na die Kaap tydens die tweede Britse Besetting, het hy doelgerig gepoog om die Kaap te verengels. Vrye Engelse skole is gestig en onderwysers uit Engeland ingevoer. Ouerdeelname is oor die hoof gesien omdat dit blykbaar die ouers se uitgangspunt was dat die staat die skool gestig het, die onderwysers betaal het en gevolglik die gees en rigting van die skool moes bepaal (Snyman, 1976:39; Barnard, 1979:24).

Die Britse bewind aan die Kaap, aanvanklik in 1795 en daarna in 1806, het 'n nuwe era in die onderwys ingelei. Aanvanklik het die ouers hulle kinders na die Engelse skole gestuur, dog die koloniste het weldra in verset gekom teen die verengelsing van taal en kultuur. Privaatskole is op inisiatief van die ouers gestig waarna die reformatoriese beginsels in die opvoedende onderwys weer vooropgestel is (Snyman, 1976:39).

Vanweë die denasionaliseringsbeleid van die Britse Regering het een van die belangrikste gebeurtenisse in die Suid-Afrikaanse geskiedenis, naamlik die Groot Trek, plaasgevind. Die Trekkers het gedurende en na die Groot Trek die onderwysbeleid in ooreenstemming met die Christelik-nasionale lewensbeskouing gereël (Steyn *et al.*, 1981:73).

Die Voortrekkergrondwet van so vroeg as Oktober 1838 het bepaal dat die Trekkerowerhede 'n wakende oog oor die godsdiens en die skole sou hou. Sodra die Trekkers hulle permanent gevestig het in 'n gebied, het hulle daartoe oorgegaan om onderwys te voorsien aan die jeug. Normaalweg het dit gepaard gegaan met gemeentestigting en die strewe om 'n eie predikant te bekom (Pistorius, 1972:291; Scholtz, 1970:570).

Nadat die Trekkers Natal van die Zoeloegevaar bevry het, het hulle in 1840 'n eie staat ingerig. Die onderwys was vaag omlyn omdat die differensiasie tussen kerk en staat nog uitgebou moes word. Die Trekkers het besef dat hulle nie self in die eie onderwysbehoefte kon voorsien nie en het pogings aangewend om predikante en onderwysers uit Nederland te bekom (Lugtenburg, 1925:22; Scholtz, 1970:571).

Vanaf 1859 met die finale goedkeuring van die Grondwet van die Z.A.R. het die staat weer 'n groter aandeel in die onderwysbeheer verkry en was georganiseerde ouerdeelname in Transvaal inderdaad uitgeskakel, aangesien skoolkomitees deur die regering aangestel is (Steyn, 1980:86-92).

Die verengelsingspoging van die Britse owerhede het in die Kaapkolonie onverpoos voortgeduur. Die 1865-wet het Hollands as voertaal verbeurd verklaar en Engels sou die onderrigmedium bly. Hierdie wet het die Afrikaanse kind sy reg om onderwys deur middel van sy moedertaal te ontvang, ontsê. Godsdiensonderwys is formeel uitgesluit uit die gewone skoolure; die sekulariseringsproses van die skool was daarmee voltooi (Cilliers, 1953:70-71; Venter, 1929:28-29).

Gedurende die Tweede Vryheidsoorlog (1899-1902) en daarna tot 1905 is die beleid van verengelsing voortgesit. Ouerseggenskap is ontken en van die reformatoriese beginsels was daar nie sprake nie (Snyman, 1976:47).

Die stryd om Vrye Christelike Nasionale Skole het in 1903 in alle erns begin. Die beweging vir CNO het van krag tot krag gegaan en feitlik 'n selfstandige onderwysstelsel naas die openbare stelsel laat ontstaan (Coetzee, 1941:92-96).

Met die Smutswet in 1907 is die grondslag gelê sodat verteenwoordigende ouerliggame 'n beperkte mag kon uitoefen. In hierdie wet was onderwys gesentraliseer, want die openbare onderwys is onder sentrale staatsbeheer geplaas (Barnard, 1979:117; Van Staden, 1974:30).

### 5.4.2 Onvoorwaardelike aanvaarding

Gebaseer op die inligting uit die rapport van 'n koloniale skoolkommissie wat uitsluitlik bestaan het uit verteenwoordigers van skole in Kaapstad gedurende 1812, was die meerderheid ouers nie onverskillig ten opsigte van hulle kinders se opvoedende onderwys nie. Volgens die berekening van die kommissie was daar hoogstens 'n honderd kinders uit die 3 400 in die Graaff-Reinet distrik wat die geleentheid gehad het om onderwys te geniet. Uit die feit dat die ouers te kenne gegee het dat die regering hulle op een of ander wyse tegemoet moes kom, kan afgelei word dat die ouers hulle kinders aanvaar het, maar dat hulle nie die geleenthede gehad het om hulle kinders ten volle opvoedende onderwys te laat geniet nie (Coetzee, 1975:42).

Die Trekkerhuisgesinne se lewe was voortdurend in gevaar en daar moes 'n wakende oog gehou word teen barbaar en wilde dier. Omstandighede het dit vir die ouers makliker gemaak om hulle kinders onvoorwaardelik te aanvaar. Die ouers se onvoorwaardelike aanvaarding het die gevolg gehad dat hulle aan hul kinders take toevertrou het. Die seuns moes help vee oppas en toulei terwyl die dogters moes omsien na sussies en boeties wat sorg nodig gehad het (Lubbe, 1942:74).

Nieteenstaande die gevare wat die Trekkers bedreig het, is die kinders nie wild grootgemaak nie. Die kinders was opgevoed om beskaafde, Godvresende lede van die samelewing te word, met 'n diepe besef van hul plig teenoor hul ouers, kerk, land en volk. Dit kon slegs geskied as ouers hul kinders onvoorwaardelik aanvaar het as kinders (Lubbe, 1942:75).

Na die hervestiging van die Trekkers in die Vrystaat was die meerderheid inwoners op boerdery ingestel. Die opvoedende onderwys van dié tyd het nie rekening gehou met die praktiese eise van die boerderybedryf nie. Die onderwys was te akademies en aan streng formele onderwys was daar ook nie 'n behoefte nie. Nieteenstaande die voorafgaande feite was die maatskaplike standaarde wat feitlik dwarsdeur die republikeinse jare gegeld het daarop gerig om die kind onvoorwaardelik te aanvaar as 'n volwaardige lid van die

gemeenskap, sodra hy die Bybel kon lees, kon skryf, reken en in die Kerk aangeneem is. Daar is aan die kinders geleentheid gegee om naas voorsang by die godsdiensoefening ook die Bybel te lees, omdat die ouers se opvoedende onderwys gemik was op waardige lidmaatskap van die kerk (Lubbe, 1942:81; Coetzee, 1963:154).

### 5.4.3 Beskikbaarheid van die ouers

Die koloniste se ervaring van die Hollandse bestuur van plaaslike regering moes vanaf 1806 plek maak vir 'n gesentraliseerde bewind. Die tweede Britse besetting het 'n nuwe owerheid na Suid-Afrika gebring wat 'n klimaat van bedreiging vir die Hollands-Afrikaanse bewoners geskep het. Omdat die Afrikaner-ouers die volksvreemde onaanvaarbaar gevind het, het hulle hul daarteen verset. Die individuele ouer het as versetouer meer betrokke begin raak by sy kind se opvoedende onderwys deur homself beskikbaar te stel. In die Kaapkolonie was die opvoedende onderwys van die kinders in die hande van hul ouers en het hoofsaaklik gesentreer om die verwerwing van lees- en skryfvaardighede met die oog op die selfstandige studie van die Bybel (Hattingh, 1978:48).

In 1816 het die Bybel- en Skoolkommissie gerapporteer dat die Hollands-Afrikaanse kinders min voordele deur middel van die vry Engelse skole verkry het; dat leerlingbywoning nie goed was nie en dat die ouers voorkeur gegee het aan privaatonderwysers. Die ouers se teenvoeter teen Engelse skole was die oprigting van privaatskole. Die ouers het hul dus beskikbaar gestel vir die opvoedende onderwys van hulle kinders (Bot, 1936:32).

Nieteenstaande die moeilike omstandighede gedurende die Groot Trek het die opvoedende onderwys hoofsaaklik van die ouers uitgegaan. Indien daar 'n skoolmeester beskikbaar was in die trekgeselskap, moes hy die onderwys verskaf; andersins het hierdie plig op die skouers van die ouers gerus. Die ouers moes toesien dat die alfabet bemeester word, waarna die kind leer lees het deur van die makliker Trap der Jeugd gebruik te maak. Die ouers of die meester moes die kinders ook leer om die Bybel te lees en name en gebeurtelikhede uit die Bybelse geskiedenis te memoriseer (Behr, 1978:11; Malherbe, 1976:225).

Erasmus Smit se dagboek soos aangehaal deur Lubbe (1942:75), dui verder daarop dat die ouers hulself beskikbaar gestel het vir die kind se opvoedende onderwys. Hier word melding gemaak van 'n moeder wat besig was "in't geven van nuttig schoolonderwijs aan jonge kinderen." Omdat die vader gedurig uit was op verkenning of jagtogte was dit meestal die taak van die moeder om die kinders te onderrig. Verder dui Lubbe (1942:76) daarop

dat Anna Steenkamp in haar reisjoernaal geskryf het dat sy tot nege-uur die aand nog besig was om haar kinders te leer.

Tot die bewindsoorname van die Engelse in Natal in 1845 was daar weinig sprake van georganiseerde onderwys in die gebied. Die Engelse Setlaars sowel as die Voortrekkers het die opvoedende onderwys in die hande van die ouers gelaat. Daar was wel deeltydse onderwysers, maar die ouers het hulself beskikbaar gestel om self die godsdiensonderrig waar te neem aangesien die onderwysers nie altyd van onbesproke karakter was nie (Steenkamp, 1950:21).

In die Oranje-Vrystaat het die Trekkerouers hulself beskikbaar gestel om self aan hulle kinders opvoedende onderwys te verskaf maar sommige het tog van 'n rondgaande onderwyser se dienste gebruik gemaak (Linde, 1938:26).

'n Eksemplaar ten opsigte van die ouers se beskikbaarheid in Transvaal word ook kortliks voorgehou om te bepaal of die ouers beskikbaar was vir hulle kinders se opvoedende onderwys. Gedurende die jare 1850 tot 1872 was daar verskeie faktore wat die opvoedende onderwys van die kinders in die Waterberg beïnvloed het. Omdat die Waterberg bekend was as 'n jagtersparadys, was dit die gewoonte om gedurende die winter dieper die Bosveld in te trek om te gaan jag en sodoende was die ouers nie geredelik beskikbaar vir hulle kinders se opvoedende onderwys nie. Ook het die gebrek aan plaasarbeiders in die Waterberge die ouers genoop om die kinders uit die skool te neem om op die plase behulpsaam te wees (Martins, 1957:111). Dit dui dus daarop dat die lewensomstandighede van die ouers bepaal het of hulle beskikbaar sou wees vir hulle kinders se opvoedende onderwys.

Sedert 1853 was ouerbetrokkenheid in Transvaal op die agtergrond geskuif. Dit was grootliks te wyte aan die meerdere regte wat die Staat homself toegeëien het en dat daar geen wetlike bepaling van die regte en magte van die ouer was nie (De Langen, 1981:16).

Rose-Innes se rapport in 1854 het aanleiding daartoe gegee dat afdelingsrade as liggame van plaaslike beheer ingestel is. Die groter finansiële verantwoordelikhede wat deur plaaslike belasting vir onderwysdoeleindes gehef is, het ook gepaard gegaan met 'n groter ouerbelangstelling (Coetzee, 1963:66). Die ouers kon hulself beskikbaar stel vir hierdie afdelingsrade.

Aangesien die dorpskool slegs vir 'n klein aantal leerlinge toeganklik was, was menige ouers verplig om huisonderwys te verskaf. Die huis moes as skool ingerig word en die hele huishouding moes hom na die skool skik en reëlings moes selfs met die bure getref word om hulle kinders na die skool te neem (Lubbe, 1942:106).

Die grondwet van die ZAR in 1858 het bepaal dat die staat die leiding en verantwoordelikheid vir die onderwys sou aanvaar. Die ouers se seggenskap is as sodanig feitlik opgehef. Hulle moes wel geldelik bydraes lewer ten opsigte van skool- en boekgelde (Hattingh, 1978:39). Die ouers was dus wetlik verplig om deel te hê aan die kinders se opvoedende onderwys, al was dit net finansieel.

Die ouers was oor die algemeen en veral in Waterberg te arm om onderwysers te verkry op die subsidiestelsel volgens die Burgerswet van 1874, met die gevolg dat hierdie ouers hulself beskikbaar gestel het om die opvoedende onderwys van hul kinders te behartig (Martins, 1957:111).

In 1878 was daar volgens skatting slegs 8% van die totale kinders van skoolgaande ouderdom op skool in Transvaal, terwyl dit in ander dele van Suid-Afrika baie beter was. Slegs enkele privaatskole het bestaan met Engels as voertaal en verder het die Boere op afgeleë plase onderwysers gehuur vir korter of langer tydperke, of self die A.B.C. aan hulle kinders geleer (Bot, 1936:20). Die ouers was dus beskikbaar vir hulle kinders se opvoedende onderwys.

Gedurende die Anglo-Boereoorlog wat in 1899 uitgebreek het, was die georganiseerde onderwys in die Oranje-Vrystaat, Transvaal en Natal totaal ontoereikend. Nadat die besef deurgedring het dat die oorlog langer as 'n paar maande sou duur, is pogings aangewend om die situasie ten opsigte van die kinders se opvoedende onderwys te red. Met behulp van fondse uit Nederland het die Boere skole geopen in die gebiede waar daar nie soveel ontwrigting plaasgevind het nie. Die ouers was verantwoordelik vir die betaal van skoolgelde (Malherbe, 1976:297).

In die konsentrasiekampe het die Boeremoeders begin met die oprigting van privaatskooltjies. As leerkragte het opgetree oud onderwysers/-esse wat deur die ouers self vergoed is. Boere-krygsgevangenes het byvoorbeeld skole by Norvalspont asook in Groenpunt, Kaapstad, georganiseer (Bot, 1936:56; Otto, 1954:154).

Plaaslike beheer in die onderwys van Transvaal het uitgebrei met die proklamering van die Regulasie vir skoolkomitees en skoolrade op 22 Desember 1905. Vir elke skool met meer as dertig leerlinge kon 'n skoolkomitee saamgestel word. Die skoolkomitees het geslaag in die doel waarvoor dit geskep is, naamlik om die ouers in nouer aanraking te bring met die werksaamhede van die skool en 'n erkende kanaal te vorm waardeur die ouers hulle standpunte aan die owerhede kon voorhou (De Langen, 1981:45).

### 5.4.4 Skep van geborgenheidsruimte

Die Voortrekkermoeder het haar huislike omgewing met haar saamgevoer. Die moeder het die wa op die trekpad omskep in 'n tuiste waar haar man 'n rusplek kon vind en haar kinders versorg en opvoedend onderwys kon word, waar Gods Woord in 'n toegewyde atmosfeer oopgeslaan en gelees kon word (Lubbe, 1942:75).

Twee sake het na aan die trekkende Boere se hart gelê, naamlik hul godsdiens, en die opvoedende onderwys van hul kinders. Daar was gedurende die Trek self geen sprake van gereelde skoolonderwys nie. Wanneer die waens saans in 'n laer getrek is, was die kinders gewoonlik byeengeroep vir die nodige onderwys, hetsy in die huislike kring deur die moeders of in breër kring deur die saamtrekkende meesters (Coetzee, 1963:281).

'n Geborgenheidsruimte is vir die kinders geskep deur vas te hou aan die anker van die lewe, Gods Woord. Smôrens vroeg, met dagbreek, het hul die dag begin met Psalmgesange en na die aandete is die dag weer afgesluit met 'n hoofstuk uit die familiebybel, en die saamsing van 'n psalm of 'n gesang en soms ook 'n lied uit Sluyters, waarna die vader 'n aandgebed gedoen het (Lubbe, 1942:114).

Omdat die omstandighede moeilik was en hulle soms sonder onderwysers moes klaarkom, het die ouers meestal self die opvoedende onderwys van hulle kinders behartig. Die ouers het gepoog om 'n geborgenheidsruimte vir hulle kinders te skep. Deur 'n patriargale lewenspatroon was die kinders opgevoed in gehoorsaamheid, eerbied vir gesag, liefde vir volk en vaderland, maar bo alles in die vrees van God (Martins, 1957:110).

### 5.4.5 Ouers as kultuurdraers

In die tyd van Charles Somerset het politieke gebeurtenisse daartoe bygedra dat die Afrikaner se samehorigheidsbewussyn as 'n selfstandige volkgemeenskap versterk het. Die outokraties-georiënteerde regering van Somerset het doelbewus afgestuur op die verengelsing van die land. Die Afrikaner-predikant, -vader en -ouderling het hoofsaaklik daarvoor gesorg dat die kultuurskat nie van die Afrikanerkind weggeneem word nie. Hulle het die opvoedende onderwys van die kinders behartig (Lubbe, 1942:70-71).

Die koloniste het sterk standpunt ingeneem teen die verdringing van Hollands as kultuurtaal. Die ouers het hulle kinders uit die openbare Engelse skole geneem en in privaatskole geplaas. Die ouers het as kultuurdraers daadwerklik opgetree om hulle kinders se kultuurskat nie verlore te laat gaan nie. Dit blyk dat daar teen 1872 baie klein privaatskooltjies

in die kolonie bestaan het wat geen ondersteuning van die regering ontvang het nie en waarin alleen Hollands onderwys was (Coetzee, 1965:49 en 71).

Die Afrikanerouers het as kultuurdraers opgetree omdat hulle ten alle koste hul eie identiteit wou behou. Hulle was gekant teen die gevaar van verengelsing asook teen die feit dat hulle seggenskap ontneem word by die benoeming van onderwysers vir hulle kinders. Die ouers het hulle ouerseggenskap nie as 'n voorreg beskou nie maar as 'n Godgegewe reg en plig (De Langen, 1981:36, 121).

Aangewese op hulle vindingrykheid en vertroue op hulle God, het die Voortrekkerouers hulle Protestants-Christelike leefwyse in die wilde binneland bewaar. Die hoogste eis was dat die kinders voldoende geleerdheid moes ontvang sodat hulle die Bybel met gemak kon lees, want alle jongmense moes lidmate van die Hollandse kerk wees en daarom moes hulle 'n deeglike kennis van die Heilige Skrif hê. Dit was van die waardevolste tradisies dat die Kerk geen lidmate sou aanneem wat nie kon lees en skryf nie (Bot, 1951:1).

As kultuurdraers het die ouers sekere kulturele aspekte by hulle kinders tuisgebring. Sang het 'n vername rol in die lewe van die Trekkers in Natal gespeel. Tydens die godsdiensoefening smôrens en saans het die huisgesinne gewyde liedere saamgesing (Coetzee, 1963:224).

'n Verdere eksemplaar ten opsigte van die ouers as kultuurdraers vir hulle kinders se opvoedende onderwys word hiermee voorgehou. Met die Onderwyswet 15 van 1877 in Natal wat voorsiening gemaak het vir primêre en elementêre onderwys was ouerbetrokkenheid geweldig gedemp omdat die skole onder beheer van 'n Raad van Onderwys geplaas was. Die toestand van sake het die ouers vasberade gemaak om as kultuurdraers op te tree. Die ouers het individueel of as groepe die eie belange in die opvoedende onderwys van hulle kinders probeer beskerm waar dit nodig was. Die ouers het byvoorbeeld in opstand gekom teen geïntegreerde skole (Steenkamp, 1950:117-118).

In die Transvaal het die ouers ook daarna gestreef om as kultuurdraers op te tree. So het die ouers in die Waterberg, getrou aan hul lewensopvatting ook hul kinders onderwys volgens Gods Woord. Die opvoedende onderwys van die kinders was 'n onafskeidbare deel van die ouerverantwoordelikheid. Die groot doel van die opvoedende onderwys in dié tydperk was om die kinders te bekwaam om lidmate van die kerk te word (Martins, 1957:110). Die ouers het hierdie verantwoordelikheid om as kultuurdraers op te tree, nie agterweë laat bly nie.

Die Du Toit-wet (Wet no. 1 van 1881) het meer gepas by die volksaard en -tradisies van die Boere. Die stelsel van staatsondersteunde skole op Christelik-nasionale grondslag het

die ouers se belangstelling in Transvaal gaande gemaak. Die ouers het ook gevoel dat die wet gepas het by die gees, rigting en behoeftes van die volk, daarom is daar deur privaatondernemings in die onderwysbehoeftes van die kinders voorsien (Martins, 1957:112).

Die saad vir oortuigde Afrikaner-nasionalisme is deur S.J. du Toit gesaai deurdat hy Godsdiensonderwys die kern gemaak het van die onderwys, asook dat Hollands die enigste taalmedium in die onderwys van die Z.A.R. sou wees. As gevolg van die Jameson-inval het daar sedert 1896 'n geweldige oplewing van die Afrikaner se nasionale gevoel plaasgevind. Dit het daartoe gelei dat die geroep na 'n leerplan met 'n groter nasionale inhoud en na die handhawing van die regmatige posisie van die landstaal al sterker geword het. Die kultuureise van die ouers dat hul kinders op skool met vaderlandsliefde en liefde vir hul taal besiel moes word, kon die volksraad nie langer ignoreer nie (Coetzee, 1963:290; Behr, 1978:12).

Gedurende die Tweede Vryheidsoorlog (1899-1902) is E.B. Sargant aangestel as hoof van die onderwysadministrasie in die Boererepublieke. Met sy reëling dat die voertaal in die Norvalpunt-kampskool slegs Engels sou wees, het die ouers hulle misnoeë te kenne gegee. Hierdeur het die ouers hulle verantwoordelikheid aanvaar om as kultuurdraers op te tree deur te veg vir hul moedertaal. Sargant het die ouers gepaai deur toe te laat dat godsdiensonderwys deur medium van Hollands gegee kon word (Otto, 1954:155).

Die C.N.O.-skole is in die lewe geroep ter wille van die behoud van die volkskultuur. Vaandrager (1918:147-148) het die ouer se kultuuroordrag soos volg geskilder: "We stonden voor'n heerlike, maar reusachttige taak: tegenover't overwegend Engelse goevernementonderwijs moesten wij komen met 'n stelsel van schole, die rekening hielden met de godsdienst, de taal en de geschiedenis der Hollandse Afrikaner dus met 'n stelsel van Kristelik-nationale scholen uitgaande van de ouders."

## 5.5 OUERBETROKKENHEID VANAF 1910 TOT 1967

### 5.5.1 Oriëntering

Met die Uniewording in 1910 is die vier Britse kolonies in Suid-Afrika verenig. Hierdie samevoeging het gepaard gegaan met die ooreenkoms om die provinsiale besture te behou. Sekere pligte en magte, soos byvoorbeeld die voorsiening van primêre en sekondêre onderwys, is deur die Unieregering na die provinsies gedelegeer (Coetzee, 1958b:285; Barnard, 1979:129).

In Transvaal het daar 'n duidelike skeiding gekom tussen onderwys en opvoeding. Die skool het hom toegespits op die onderwys en sy opvoedingstaak het sekondêr geword. Dit was net die teenoorgestelde as die C.N.O.-beleid waar die opvoedingstaak primêr was (Pistorius, 1978:331).

Die Grondwet van die Unie van Suid-Afrika het bepaal dat Engels en Hollands die twee amptelike tale van die land sou wees. Die keuse van die voertaal het van dié tyd af by die ouers berus (Pistorius, 1978:332).

Van die kleiner skooltjies is gesluit en die kinders is ooreenkomstig die sentralisasiebeleid in sentrale skole saamgetrek. Die stelsel het vir die ouers en die kinders die ongerief van daaglikse vermoeiende reise of inwoning in die koshuise beteken, wat die ouers se opvoedende onderwys benadeel het (Pistorius, 1978:339).

Gedurende die jare wat gevolg het was verskeie ondersoekkommissies gelas om onderwyssake en by implikasie ook ouerbetrokkenheid te ondersoek. Die kommissies se ondersoeke kan beskou word as die spieëlbeeld van die omstandighede wat daar op die tydstip geheers het ten opsigte van die ouers se betrokkenheid by die opvoedende onderwys. So was die Jaggerkommissie van 1916 ten gunste van die voortbestaan van skoolkommissies, om sodoende die belange van die ouer te bewaar (Transvaal (Provinsie) (Jagger) 1916 par. 125).

Na die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog (1914-1918) het 'n nasionale ontwaking in die geledere van die Afrikaanssprekende bevolking 'n kenmerk van hierdie tydperk geword. Op onderwysgebied het verskillende stemme opgegaan wat die onbevredigende toestande vir hulle kinders aangespreek het en op die noodsaaklikheid van verandering gewys het. Verskeie kongresse is gehou om weer die C.N.O.-beginsels te laat posvat. Die poging is 'n tydlank aan die lewe gehou, maar die toestande het verander, na-oorlogse depressie was aan die orde van die dag; onderwystoestande het verbeter; die staatsonderwysstelsel is stilswyend aanvaar; en die geesdrif vir die C.N.O-beginsels het verflou. Hiermee het die C.N.O.-beweging vir die soveelste keer weggekwyn (Arnold, 1954:92, 94 en 128). Tog was hierdie poging nie vrugteloos nie, aangesien dit gelei het tot die ondersoek van die Malherbe-kommissie wat sekere veranderinge in die onderwys teweeg gebring het.

Die Malherbe-kommissie (1919) het bevind dat die Transvaal as provinsie te groot was vir die bestaande stelsel van sentralisasie. Dit was vir hulle noodsaaklik dat 'n stelsel van desentralisasie moes plaasvind om sodoende gebruik te maak van plaaslike kennis, behoeftes en inisiatief. Die kommissie het ook by implikasie die weg gebaan vir die ouers se be-

trokkenheid ten opsigte van hulle aandeel in die instandhouding van die skool en die beheer oor die onderwys. Hierdie ouerlike verantwoordelikheid kon volgens dié kommissie nie voortgaan sonder die finansiële betrokkenheid van die ouers nie (Transvaal (Provinsie) (Malherbe) 1920, par. 414).

In 1925 word Hollands as amptlike taal deur Afrikaans vervang. Afrikaans het al hoe meer veld begin wen, sodat verreweg die meerderheid leerlinge in Transvaal hulle onderwys deur medium van Afrikaans ontvang het. Volgens wetgewing het die ouers in die Kaapprovinsie 'n groter aandeel gekry in die opvoedende onderwys van hulle kinders omdat die ouers die finale keuse kon uitoefen ten opsigte van hulle kinders se medium van onderrig (Behr, 1978:24; Pistorius, 1978:336).

Uit die Nicol-kommissie se verslag van 1937-1939 is dit duidelik dat die kommissie die neiging van sommige ouers veroordeel het omdat hulle hul verantwoordelikhede ten opsigte van opvoedende onderwys van hulle kinders in die hande van ander samelewingsverbande soos die skool en kerk oorgelaat het (Nicol-verslag, 1939 Par. 19).

Om tweetaligheid te bevorder was die kinders volgens Ordonnansie no 5 van 1945 verplig om beide tale aan te leer. Hierdie ordonnansie het groot teenkanting van die Afrikaanssprekende ouers gekry. Die ouers se regte en betrokkenheid is deur die wet ingeperk aangesien die ouers nie meer die reg gehad het om die medium van onderrig van hulle kinders te kon bepaal nie (Nel, 1959:51-52; Behr, 1978:25).

Die onderwysordonnansie no 29 van 1953 was ook 'n belangrike dokument wat die verloop van ouerbetrokkenheid help bepaal het. Volgens die ordonnansie moes die kinders volgens die wense van hulle ouers opgevoed word, met ander woorde die ouers moes seggenskap hê in die opvoedende onderwys van hulle kinders (Onderwysordonnansie 29 van 1953, artikel 8).

Met die promulgering van die Wet op die Nasionale Onderwysbeleid (Wet 29 van 1967, artikel 2, 1(h)) is ook 'n plek aan die ouers toegeken in die onderwysstelsel. Die ouers kon betrokke raak deur middel van ouer-onderwysersverenigings, skoolkomitees, beheerrade of skoolrade.

### 5.5.2 Onvoorwaardelike aanvaarding

Uit dié besondere tydperk (1910-1967) is heelwat voorbeelde te vind van ouerbetrokkenheid. Na die Algemene Vergadering van die Gereformeerde Kerk in 1912 het die kerk

'n protes by die Administrateur ingedien met die volgende strekking: Dat die vergadering hulle nie by die staatonderwys kan neerlê nie omdat die Bybel bepaal dat kinders volgens Goddelike reg, nie aan die staat behoort nie maar aan die ouers. Omdat die ouers by die doop van hulle kinders beloof om hulle kinders in die Christelik gereformeerde leer, ooreenkomstig Gods Woord, opvoedend te laat onderrig, kan afgelei word dat die ouers alles in die werk gestel het om hulle kinders onvoorwaardelik te aanvaar (Coetzee, 1939:35).

Die Nicol-Kommissie (1937-1939) het die volgende oor die ouer se aanvaarding van sy kind verklaar: "Die ouer is die persoon wat die diepste belang het by die skool. Sy belang is nie alleen die akademiese belangstelling van die goeie burger of van die professionele opvoedkundige wat die beste vir die kinders van sy volk nastreef nie; vir hom is dit die karakter en die vooruitsigte van sy kind wat op die spel is" (De Langen, 1981:55).

Bewyse is gevind dat sommige Afrikaners in die stad 'n flouer gesinsbesef begin ontwikkel het. In die vyftigerjare van die twintigste eeu is bevind dat gesinne meer op 'n individualistiese geestesgesteldheid gerig was. Die gesinslede het as individue gefunksioneer wat daarop dui dat die ouers nie hulle kinders ten volle in die gesin aanvaar het as deel van die gesin nie (Cronje, 1973:132-133).

### 5.5.3 Beskikbaarheid van die ouers

Na die Tweede Vryheidsoorlog (1899-1902) het die verhuising van die boeremense na die stede plaasgevind. Baie van die mense het hier nog meer verarm en selfs die prooi van sosiale ellende geword. By die boeremense — wat toe hoofsaaklik die armes van die stede was — het 'n gevoel van minderwaardigheid posgevat. Die ouers in die stad was minder betrokke by hulle kinders se opvoedende onderwys omdat hulle werksomstandighede en vryetydsbesteding, wat hoofsaaklik buite die gesinsverband plaasgevind het, die gesinslede meer en meer uit mekaar gedryf het en sodoende het elkeen 'n eie lewe gelei (Cronje *et al.*, 1974:169 en 174).

Tydens die C.N.O.-kongres van Julie 1911 op Steynsburg is kommer uitgespreek dat die selfstandigheid van die ouers onder die tydperk se onderwysstelsel nie tot sy reg kon kom nie en dat die abnormale toestand onder die aandag van die ouers gebring sou moes word, sodat die ouers meer betrokke kon raak by die skool en dat die kerk en staat nie alleen die verantwoordelikheid moes dra nie (Arnold, 1954:63).

Teen die einde van 1916 het groepe ouers met dieselfde lewensopvatting hulself beskikbaar gestel deur te poog om met die hulp van die kerk C.N.O.-skole op te rig. Die ouers wou

seggenskap verkry oor die aanstellings van onderwysers en wou ook die gees en rigting van die skool bepaal, terwyl die staat in beheer van die wetenskaplike gehalte van die opvoedende onderwys sou wees (Arnold, 1954:137; Potgieter, 1968:111).

Ds. W. Postma het tydens die kerklike onderwyskongres wat op 4 en 5 Julie 1917 te Bloemfontein plaasgevind het by implikasie die ouers se beskikbaarheid by hulle kinders se opvoedende onderwys bepleit. Hy het as spreker met die tema "Die Christelik-nasionale volkskool" gewys op die plig van die ouers en op die noodsaaklikheid van samewerking tussen huis, kerk, skool, skoolbestuur en personeel (Arnold, 1954:102).

Uit die Nicol-verslag (1937-1939) blyk leemtes ten opsigte van ouerbetrokkenheid en na aanleiding daarvan het die Kommissie sekere beginsels voorgestel. Die kommissie het byvoorbeeld gewys op sommige ouers se ontduiking van hulle verantwoordelikhede ten opsigte van hulle kinders se opvoedende onderwys (Van der Schÿf, 1969:244). Die afleiding kan gemaak word dat die ouers nie beskikbaar was vir hulle kinders se opvoedende onderwys nie.

Sedert die Tweede Wêreldoorlog het die moeder die beroepsarbeid betree. Dit het wel vir die gesin materiële voordeel ingehou, maar dit het 'n bepaalde invloed op die opvoedende onderwys van die kinders uitgeoefen omdat die moeder nie so geredelik beskikbaar was nie (Cronje *et al.*, 1974:183).

Vanweë veranderende naoorlogse lewensomstandighede na 1945 het die staat sy rol in verband met die onderwys vergroot. Dit het gelei tot 'n ernstige verskraling van die rol van ander samelewingsverbande wat deelgenote was in die opvoedende onderwys. Die ouers, as die primêre opvoeders van hul kinders, is hierdeur die meeste geraak. Die ouers het minder betrokke geraak by die opvoedende onderwys omdat hulle klaarblyklik gemeen het dat hulle taak en verantwoordelikhede vir die opvoedende onderwys oorgegaan het op die staat. Ouers was minder beskikbaar vir hulle kinders se opvoedende onderwys omdat hulle klaarblyklik van mening was dat hulle hul slegs moes beywer om die regte politieke party aan bewind te stel en te hou (Stone, 1983:2).

### 5.5.4 Skep van geborgenheidsruimte

Na die Tweede Vryheidsoorlog het die sosiaal-ekonomiese en kultureel-geestelike omstandighede van die Afrikaner verander. Verandering van die gesins- en familieverhoudinge het ingetree. Die patriargale familiestelsel het begin verval en het later verdwyn. So was groot gesinne ook nie meer die gebruik nie. Die meerderheid kinders was toe in 'n groter

mate op hulself aangewese, gevolglik het die ouers nie vir hulle kinders die gewenste geborgenheidsruimte geskep nie (Cronje, 1969:145).

Deur die afname in die aantal kinders in die gesin het daar twee gevare na vore getree. Ten eerste kon die kinders oorbeskerm word — wat die selfstandigheid van die kinders kon ondermyn en 'n struikelblok kon word vir die kinders op hul weg na volwassenheid. Tweedens kon dit lei na ouers wat te hoë eise aan hulle kinders stel sonder inagneming van hul belangstelling, vermoëns en ontwikkelingspeil (Joubert, 1972:22).

Die afwesigheid van die vader by die huis het tot gevolg gehad dat daar by baie gesinne 'n afname in die gesagshandhawing van die vader plaasgevind het en die moeder het die formele gesagsdraer van die gesin geword. Waar die jong kind die beeld van die vader as gesagsdraer en verdediger van die gesin beleef het, was hierdie beeld lank nie meer aan die vader gekoppel nie. Die geborgenheidsruimte wat deur die vader geskep moes word, moes toe deur iemand anders geskep word, naamlik die moeder (Joubert, 1972:19).

'n Groot deel van die vader se dag was aan sy arbeid gewy en heel dikwels het hy die verpligtinge gehad om skofte te werk. Die meeste van die tyd het hy te moeg by die huis aangekom om nog die las van die opvoeding op sy skouers te neem. Dit het gelei tot vroeë emansipasie van die kind met die gevolg dat hy verantwoordelikhede moes aanvaar voordat hy daartoe opgewasse was. Dit het gelei tot onsekerheid en rebellie teen die ouers. Die vader as identifikasiefiguur asook gesagsfiguur het vervaag en daarmee saam ook die rol wat die vader kon vervul om 'n geborgenheidsruimte te skep (Pistorius, 1976:61).

Uit die Nicol-verslag (1937-1939) word die ouers se verantwoordelikhede ten opsigte van die skep van 'n geborgenheidsruimte vir hulle kinders by implikasie aan die ouers voorgehou. Die Nicol-verslag het die ouers daarop gewys dat hulle as ouers die diepste belang het by die skool. Omdat hulle kinders se karakterontwikkeling en vooruitsigte op die spel is, moes hulle as ouers die opvoedende onderwys van hulle kinders heelhartig steun deur harmoniese samewerking tussen die skool en huis te bewerkstellig. Die ouerraad moes dien as skakel tussen huis en skool en kon 'n heilsame invloed uitoefen om sodoende 'n geborgenheidsruimte vir die kind te skep. Die verslag het dus by implikasie die ouers op hulle verantwoordelikhede gewys ten opsigte van die skep van 'n geborgenheidsruimte vir hulle kinders (De Langen, 1981:55).

Sedert die Tweede Wêreldoorlog het die moeder die beroepsarbeid betree. Die gesin het wel materiële voordeel daaruit getrek, maar dit het 'n bepaalde invloed op die opvoedende onderwys van die kinders uitgeoefen omdat die moeder 'n belangrike rol vervul in die

skep van 'n geborgenheidsruimte. Die moeder is hierdeur ontneem van geleenthede om betrokke te wees by die opvoedende onderwys van haar kind (Cronje *et al.*, 1974:183).

Die rol van die moeder het ook 'n groot verandering ondergaan. Deurdat die moeder genoodsaak was om te gaan werk het sy baie van haar verantwoordelikhede aan die skool oorgelaat. Haar afwesigheid in die huis was nadelig vir die opvoedende onderwys van die skoolgaande kinders. Haar afwesigheid het baie hoë (selfs soms onmoontlike) eise aan haar gestel om vir die kinders 'n geborgenheidsruimte te skep (Joubert, 1972:20).

Die ouers het ook hulle kinders meer en meer in die sorg van bediendes gelaat, wat daartoe bygedra het dat die kinders nie alleen van die ouers vervreemd geraak het nie maar dat die kind se opvoedende onderwys blootgestel was aan heelwat verandering waaruit 'n onstabiele patroon sou volg waarin geborgenheid feitlik nie bestaan het nie (Joubert, 1972:22).

### 5.5.5 Ouers as kultuurdraers

Die jarelange stryd om moedertaalonderwys en taalgelykheid is uiteindelik beloon, want 'n belangrike verandering in die onderwyswet, naamlik die Taal-ordonnansie (no.5 van 1911) wat op 1 Januarie 1912 in werking getree het, is aangebring. Die huistaal sou die verpligte medium van aanvangsonderwys op skool word en die tweede taal (Engels of Hollands) kon as voertaal ingevoer word indien die ouers dit sou verlang (Coetzee, 1941:124).

Die voorstanders van C.N.O.(waarby veral ouers ingesluit was) het tydens hulle jaarlikse kongresse alle ouers opgeroep om as kultuurdraers op te tree. By die kongres van 1911 is byvoorbeeld 'n "Vereniging voor Christelik Schoolonderwijs" in die lewe geroep. Hierdie vereniging se doel was om die onderwys op Bybelse grondslag en in ooreenstemming met die doopbelofte in te rig. Sodoende kon die regte verhouding tussen ouerhuis, skool, kerk en staat geskep en in stand gehou word (Arnold, 1954:64).

Deur verarming en verstedeliking kon duisende huisgesinne nie reg aan hulle taak laat geskied om kultuurdraers en kultuurskeppers te wees nie. Gedurende dié tydperk het die Afrikaanse huisgesin, veral in die stede, in 'n krisis beland. Die Afrikaanse boerebevolking was beïnvloed deur die uitheems-kosmopolitiese, met 'n oorheersende Engelse inslag (Cronje *et al.*, 1974:168).

By 'n kerklike onderwyskongres in 1917 te Bloemfontein het T.B. Muller klem gelê op die ouers se lewensopvatting en dat die ouers moes toesien dat hulle kinders se opvoedende onderwys moes plaasvind volgens die geskiedenis, tradisies, gewoontes en ideale van hulle volk. Die kongres het ook gevoel dat die bepalings van die wet reg moes verleen aan die ouers om self die godsdienstige en nasionale karakter van die skole te kon bepaal (Arnold, 1954:101,103).

Vir die Afrikaner-ouers was die behoud van die Afrikaanse volk deur die oprigting van aparte moedertaalskole 'n noodsaaklikheid. Gedurende die twintigerjare het die aandrang om enkelmediumskole waarin 'n Afrikaanse gees moet heers al sterker geword. Die Afrikaanse ouers het hierdeur bewys dat hulle hul verantwoordelikheid as kultuurdraers ernstig benader het. Die stryd van die Afrikaner-ouers was ook bemoeilik deur die feit dat hulle in baie gevalle 'n stryd moes voer teen hul eie mense. Daar was Afrikaanssprekende ouers wat hulle kinders deur medium van Engels wou laat onderrig en laat onderrig het (Gunter, 1961:397; Scholtz, 1979:55-56).

Deur die toenemende en versnellende industrialisasie en nywerheidsontwikkeling na die depressie (1930-1932) het die Afrikaner hom in vreemde sosiale kulturele omstandighede bevind. Weens sy aanvanklike onontwikkeldheid en ekonomiese verarming, kon hy nie tred hou met die snelle verandering nie. Die eertydse sterk selfstandigheidsgevoel het in 'n groot mate plek gemaak vir 'n afhanklikheidsgevoel, gevolglik is die opvoedende onderwys meer aan die skool toevertrou en het die ouer self meer passief geraak teenoor die kind se kultuuroordrag (Van Loggerenberg, 1979:33).

Ordonnansie no. 5 van 1945, wat alle leerling verplig het om beide tale te leer, met die doel om tweetaligheid te bevorder, het groot teenkanting van die Afrikaanssprekende ouers ontlok wat gevrees het dat Afrikaans as taal in die slag sou bly. Dié Afrikaanssprekende ouers se kultuurstryd is in 1949 beloon met Ordonnansie 19 wat bepaal het dat ouers verplig was om hul kinders tot aan die einde van st. 8 deur middel van die moedertaal te laat onderrig (Nel, 1959:51-52; Behr, 1978:25).

Ordonnansie no. 29 van 1953 was ook die uitvloeisel van die bemoeienis wat daar deur ouers gemaak is om godsdiensonderrig 'n vaste plek in die kurrikulum van die skool te gee. Die ordonnansie bepaal dat 'n skooldag met die lees uit die Bybel en met gebed geopen moes word en ook dat daar geen dogma of leer wat aan 'n godsdienstige groep eie was, onderwys mag word nie. Die ouers het sedert die tyd die reg om deur 'n skriftelike versoek hulle kinders vry te stel van godsdiensonderrig op skool (Barnard, 1979:153). Die

ouers se verantwoordelikheid om as kultuurdraers op te tree, was dus sedert 1953 juridies aan hulle toegeken.

Na Republiekwording (1961) is daar toenemende bewyse gevind dat Afrikaanssprekendes nie meer hulle taal handhaaf nie. Afnemende ouerbetrokkenheid by die handhawing van die moedertaal, in die algemeen, en as medium van die opvoedende onderwys, het toegeneem. Kinders het 'n toenemende gebrek aan taaltrots getoon en beskou die handhawing van die moedertaal deur die ouers te dikwels as die geneul van ou mense (Breitenbach, 1985:85).

## 5.6 OUERBETROKKENHEID BY NASIONALE ONDERWYS (1967-1991)

### 5.6.1 Oriëntering

Die C.N.O.-onderwysideale het geseëvier en kristalliseer uit in Wet 39 van 1967 wat vir Christelike en nasionale onderwys voorsiening maak. Kragtens dié wet word 'n plek aan die ouergemeenskap in die onderwysstelsel toegeken deur middel van die skoolkomitees, beheerrade en skoolrade. Die ouers word die geleentheid gebied om hulle regmatige plek in die opvoedende onderwys van hulle kinders in te neem (De Langen, 1981:126).

'n Kenmerk van die tydperk onder bespreking was die belangrike kongresse ten opsigte van ouerbetrokkenheid wat plaasgevind het. Die Volkskongres vir Opvoeding en Onderwys wat vanaf 29 September tot 2 Oktober 1969 in Pretoria plaasgevind het is gekenmerk deur die verteenwoordiging van onderwysers en kerke waaronder baie ouers was. Besluite wat daar geneem is, was van deurslaggewende belang vir die praktiese implementering van die C.N.O.-beginsels in die opvoedende onderwys van blankes in Suid-Afrika (Postma, 1987:151).

Met die RGN se verslag oor onderwysvoorsiening in die RSA (1981) en ook die regering se tussentydse memorandum in verband met die verslag word daar sterk klem gelê op die plek van die ouer in die opvoedende onderwys van sy kind. In die elf sogenaamde onderwysbeginsels word die plek en verantwoordelikhede van die ouers baie duidelik beklemtoon. Ook in die tussentydse memorandum van die regering word na die rol van die ouer by die opvoedende onderwys van sy kind verwys (Kruger, 1985:106,107).

As uitvloeisel van die Afrikaneronderwyskongres wat gedurende 18 tot 20 Maart 1982 in Bloemfontein plaasgevind het, is daar op 6 November 1982 oorgegaan tot die stigting van

die Transvaalse Afrikaanse Ouervereniging. Die Transvaalse Afrikaanse Ouervereniging vir Christelike opvoeding is op 17 Junie 1985 as amptelike ouervereniging erken (TAO-Handleiding, sj:3) Tydens die geleentheid ter viering daarvan het die Administrateur van Transvaal, meneer Cruywagen (1985:13) aangedui dat ouerbetrokkenheid op twee bene gevestig is. Eerstens verkry ouers inspraak in die opvoedende onderwys deur statutêre liggame soos die bestuursrade, skoolrade en die onderwysraad. Tweedens verkry ouers groter betrokkenheid by die opvoedende onderwys deur ouerliggame soos die Transvaalse Afrikaanse Ouervereniging.

Vernuwing word in die vooruitsig gestel ten opsigte van ouerbetrokkenheid in die opvoedende onderwys met die mediaverklaring op 23 Maart 1990 van mnr. P.J. Clase, Minister van Onderwys en Kultuur, Administrasie: Volksraad, in verband met die bykomstige modelle vir onderwysvoorsiening in die R.S.A. Hierdie modelle word bykomend tot die bestaande modelle, naamlik afsonderlike skole vir blankes en bestaande private skole, oorweeg. Die eerste model behels die vergunning aan 'n Staatskool wat sou verkies om 'n private skool (model A) te word. Uiteraard het so 'n model groter finansiële implikasies vir die ouers. Die tweede model (model B) sal aan die skoolgemeenskap die reg gee om die toelating van leerlinge van ander groepe tot die bepaalde staatskool te magtig. Na kommentaar en advies van die statutêr erkende raadplegingsliggame bekom is, sal die Regering oorweging skenk aan die goedkeuring van een of albei modelle met die oog op implementering daarvan met ingang 1 Januarie 1991. Indien die Regering die modelle goedkeur sal die ouers van die leerlinge 'n wyer keuse van skooltipes hê. Waar die vereiste persentasie van die ouers dit verkies dat hulle skool een van die bykomende modelle aanvaar, sal hulle volgens voorgeskrewe prosedures daarmee mag aangaan (Transvaalse Onderwysvereniging, 1990:1-18).

'n Derde bykomende onderwysmodel is op 10 September 1990 deur die minister aangekondig. Die bykomende model (model C) behels dat 'n openbare skool na sluiting 'n staatsondersteunde skool kan word. Die skool is vergelykbaar met staatsondersteunde inrigtings, soos pre-primêre skole en skole vir buitengewone onderwys wat in Wet 70 van 1988 omskryf word. Met die keuse ontbind die bestuursraad en die skool word deur 'n nuwe bestuursliggaam bedryf. Bestaande geboue en terreine word kosteloos aan die bestuursliggaam oorgedra, met 'n terugvalklousule indien die inrigting sou ophou om te bestaan. Die model is meer bekostigbaar as die privaatskoolmodel (model A) met bykans dieselfde voordele (Transvaalse Onderwysdepartement, 1990:11).

### 5.6.2 Onvoorwaardelike aanvaarding

Die Nasionale Onderwyswet (Wet 39 van 1967) het aan die ouers die reg gegee tot deelname en daarom moes die ouers organiseer om hierdie reg op te eis. Hierdie beleidsbepaling bied aan ouers die geleentheid om hulle regmatige plek in die opvoedende onderwys van hulle kinders in te neem. Die ouers wat die reglementering in woord en gees onderskryf, sal ook hulle kinders onvoorwaardelik aanvaar (De Langen, 1981:125).

Tydens die Volkskongres in 1969 was daar 'n duidelike ongerustheid en onsekerheid oor die pedagogiese verwaarlosing wat reeds aangaande duisende kinders se behoeftes waargeneem is. Dit is duidelik dat daar 'n groot groep ouers was wat nie hulle kinders onvoorwaardelik aanvaar het nie (Botes, 1969:125). Die afwesigheid van wedersydse aanvaarding tussen ouer en kind kon aanleiding gee tot aanpassingsprobleme vir die kind. Afsydigheid van die ouer kon veroorsaak dat die kind ook afsydig staan teenoor die ouer (Schutte, 1984:570). Dit dui dus daarop dat die ouers in dié tydperk nie hulle kinders onvoorwaardelik aanvaar het nie en sodoende nagelaat het om 'n gunstige opvoedingsklimaat vir hulle kinders te skep.

Hoewel die jaar 1979 selfs as die "Internasionale Jaar van die kind" bekend gestaan het, het kinderverwaarlosing by baie gesinne toegeneem. Ter stawing van die feit word daar verwys na die 40 000 kindersorggevalle wat in 1974 by die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Kindersorg geregistreer is. Vir 35 000 van hierdie kinders was daar nie plek in inrigtings nie, wat 'n aanduiding is dat daar 'n groot hoeveelheid kinders is wat nie deur hulle ouers onvoorwaardelik aanvaar is nie (Kruger, 1983:35).

Die ouers het slagoffers geword van die tyd waarin nou geleef word. Die tempo, spanning en bedreiging van die twintigste eeu het die intieme wêreld van die gesin binnegedring, die gesinsklimaat versteur en pedagogiese verwaarlosing van die kinders is aan die orde van die dag. Die kinders beleef die gebrek aan liefdevolle aanvaarding in gesinne wat hulle ook ontneem van die nodige steungewing in hulle opvoedende onderwys. Veral die moeders word daarvan beskuldig dat hulle hul kinders in die hande van anderskleuriges (huishulpe), anderstaliges (bure) en andersbeskaafdes (nasorgsentrums) laat omdat die moeders deur werksomstandighede gedwing word om grotendeels uithuisig te wees (Kruger, 1983:30-31).

### 5.6.3 Beskikbaarheid van die ouers

Aan die ouer is deur die Wet op Nasionale Onderwysbeleid (39 van 67), volgens artikel 8 'n plek in die onderwysstelsel toegeken. Hulle kon hulself beskikbaar stel deur middel

van ouerverenigings, skoolkomitees, beheerrade of skoolrade of op 'n ander wyse, soos op mikro-onderwysvlak. Dit blyk dat die ouers nie van die geleentheid gebruik gemaak het nie. Die RGN-verslag spel die onbetrokkenheid van die ouers duidelik uit met die verwysing na die gebrek aan georganiseerde ouerliggame wat behulpsaam kon gewees het met die terugvoering van die belangrike verslae en wat geraadpleeg kon word (Van der Walt, 1983a:20-21).

As gevolg van die industrialiseringsproses in Suid-Afrika het daar ten opsigte van die ouers se beskikbaarheid vir die opvoedende onderwys van hul kinders 'n negatiewe tendens sigbaar geword. Moeders was uithuisig omdat hulle moes gaan werk en die vaders se werk, sosiale bedrywighede en vermaak buite die gesinsverband was dikwels sodanig dat hulle hul huislike pligte moeilik ten volle kon nakom. Voeg hierby die territoriale skeiding tussen die woon- en werkmilieu van die vaders en 'n donker prent word vertoon oor die vaders se beskikbaarheid vir hulle kinders se opvoedende onderwys. Die ouertaak is al hoe meer deur die skool en ander lewensverbande oorgeneem of aan hulle oorgedra (Eloff, 1985:40, 41; Van Loggerenberg, 1979:33; Joubert, 1972:18, 19).

Mulder (1972:20,21), (Adjunk-Direkteur van Onderwys in Transvaal) het by implikasie die bewese plek en beskikbaarheid van die ouer by die opvoedende onderwys van die kinders beklemtoon met die volgende: "Daar is talle addisionele onderwysfasiliteite wat op plaaslike grondslag met groot voordeel aangewend kan word in belang van die skoolgaande jeug, maar wat onmoontlik ook nog vir algemene voorsiening in die onderwysbegroting ingesluit kan word: 'n swembad by die skool, tennisbane, ameublement vir die skoolsaal, 'n ekstra projektor om filmvertonings beter te laat vlot, sportdrag vir die behoeftige leerlinge, 'n eie bussie om sportspanne te vervoer, 'n klubhuis vir die tennisspelers, 'n fietsloods, 'n pawiljoen langs die rugbyveld, 'n spankamertjie vir Voortrekkertjies, 'n draagbaar vir die siekeboeg, en derglike meer is almal nuttige bykomstige hulpmiddele wat reeds aan talle skole deur die inisiatief en deursettingsvermoë van die ouergemeenskap verskaf is."

Dit blyk dat daar swak belangstelling by die ouers voorgekom het ten opsigte van deelname aan en verteenwoordiging op statutêre liggame soos skoolkomitees, beheerrade, adviesrade en skoolrade. Baie skoolhoofde dwarsdeur die land lewer getuienis dat 'n klein persentasie ouers die ouerkorps se onderwysbelange by die skool behartig. Daar word selfs deur die regulasies voorsiening gemaak vir wettige verkiesings indien te min ouers by verkiesing van skoolkomitees teenwoordig is, want volgens die Ordonnansie van Kaapland 50(2) hoef daar slegs vyf persent van die totale getal kiesers op 'n verkiesingsvergadering teenwoordig te wees om 'n kworum te vorm (Eloff, 1982:20).

Tydens die RGN-ondersoek in 1981 na onderwys in Suid-Afrika was geen georganiseerde Christelike Afrikaner-ouerliggaam beskikbaar om kommentaar te lewer nie. Toe kommentaar oor die De Lange-verslag en die Witskrif van die Regering gevra is, het daar ook geen ouerstem opgeklink nie (Eloff, 1982:234).

Die regering gee wetlik aan die ouer geleentheid om homself beskikbaar te stel en om sy plek in die opvoedende onderwys van sy kind in te neem. As voorbeeld kan die volgende genoem word:

- Die Wet op Nasionale Onderwysbeleid (1967:952) no 29 van 1967.
- Die Witskrif oor Onderwysvoorsiening in die Republiek van Suid-Afrika, 1983 (1983:20).
- Die Onderwysordonnansie no 29 van 1953 is in 1984 gewysig sodat daar vir groter ouerbetrokkenheid plek gemaak moet word (1984:18).
- Die Wet op die Nasionale Beleid vir Algemene Onderwyssake, no 76 van 1984 (1984:22).
- Die Wysigingswet op die Nasionale Onderwysbeleid, Wet 103 van 1986 (1986:12).

### 5.6.4 Skep van geborgenheidsruimte

'n Verlies het plaasgevind op die terrein van die sosiaal-kulturele en sosiaal-pedagogiese funksies van die gesinne. Tyd vir rustige gesamentlike maaltye en vertroulike huislike samesyn het byna onmoontlik geword met al die professionele en sosiale verpligtinge van ouers sowel as die skoolverpligtinge van kinders. Die skool en van die ander samelewingsverbande het reeds te veel pligte van die ouers in verband met die opvoedende onderwys van hulle kinders oorgeneem. Hierdie omstandighede gee dan die kind 'n gevoel van onsekerheid en ongeborgenheid (Mulder, 1972:16; Joubert, 1972:13).

Die patriargale gesinsverhouding is in menige gevalle vervang met die van gelyke beregtiging. Die kinders het hulle bevind in huise waar die toonaangewende vaderfiguur verdwyn omdat die opvoedende onderwystaak van baie vaders verskraal het tot slegs die van broodwinner. Die kind was dus aangewys op 'n opvoedende onderwys waarin die inherente behoefte aan 'n identifikasiefiguur nie bevredig kon word nie (Van Loggerenberg, 1980:22).

Die vader was nie vir sy kind beskikbaar sodat daar 'n geborgenheidsruimte geskep kon word nie.

Omdat die Afrikaanse gesin struktureel geïsoleer geraak het van die omringende verwantskapsgroepe soos ooms, tantes en grootouers, het die ondersteunende rol van die familie as breëre verwantskapsgroep vervaag. Hierdeur het die kind ook die vormende invloed van die grootouers en ander familiebetrekkinge verbeur en daarmee 'n geborgenheidsruimte ingeboet (Cilliers, 1960:48).

Die tendens in die jare sewentig dat sekere kinders meer afwykende gedragspatrone geopenbaar het omdat die betrokke kinders in 'n milieu groot geword het waar die geborgenheid van liefdevolle ouers ontbreek het of slegs ten dele aanwesig was, was in die Afrikaanse gesinslewe meer en meer sigbaar. Gebrek aan gesag, gebrek aan aandag aan die kind deur die ouers asook die gebrek aan begrip vir die kind en sy probleme was onder andere kenmerkend van die huislike milieu waarin hierdie kinders hulle bevind het. Die gebrek aan behoorlike toesig oor die kinders omdat hulle weg van die gesin af geleef het, het hulle ontneem van 'n geborgenheidsruimte (Joubert, 1972:21, 22).

Soos blyk uit ondersoeke wat die RGN in 1987 gedoen het, is 18 371 blanke huwelike in dié jaar deur egskeidings beëindig. Daar was 24 673 minderjarige kinders by die egskeidings betrokke. Van 1978 tot 1987 was daar ook 207 098 minderjarige kinders by egskeidings betrokke. Verder toon navorsing dat daar 18 432 egskeidings in 1988 plaasgevind het waarby 22 253 minderjarige kinders betrokke was. Die statistieke dui daarop dat daar 'n groot aantal kinders was wat in 'n ongeborge en onstabiele gesin opvoedende onderwys moes ontvang (Pieterse, 1989:8; Stone, 1990:3).

### 5.6.5 Ouers as kultuurdraers

Heelwat van die klagtes en kommer oor die gebrekkige belangstelling van die jeug in landsake, kan toegeskryf word aan dubbele standaarde en oneerlikheid in die ouer se handeling teenoor sy kind. Die ouer wat as kultuurdraer moet optree, bly self in gebreke ten opsigte van kultuurbeoefening. Die ouers gee opdrag dat die kind kerk toe moet gaan, terwyl die ouer self tuisbly; die kind word gestuur na volksfeeste, terwyl die ouer sy tyd elders verwyl (Scholtz, 1973:15).

Verder blyk dit dat Wet 39 van 1967 'n valse gerustheid by die Christen-Afrikanerouers teweeg gebring het, wat daartoe aanleiding gegee het dat hulle as ouers hul opvoedende onderwysverantwoordelikhede ontduik het. Die staat en die onderwys moes sorg dra dat

Christelike en nasionale onderwys aan die kinders oorgedra word, terwyl die ouers klaarblyklik tevrede was met die toedrag van sake (Postma, 1987:175).

Volgens 'n ondersoek wat in 1976 gepubliseer is, word aangetoon dat die stedelike Afrikaner se belangstelling in volksfeeste gekwyn het. Die verslag toon aan dat slegs 2,7% van die Afrikaners aan die Rand gereeld feesviering op Van Riebeeckdag bywoon, vir Republiekdag was die syfer 14,4%, vir Krugerdag 7,5% en vir Geloftedag 19,1%. Die Afrikanerouers se deelname aan volkspele was 17,2%, toneelverenigings 7,5% terwyl die deelname aan die Voortrekkerbeweging 4,1% was. Hierdie gegewens dui daarop dat veral die stedelike Afrikanerouers nie daarop ingestel was om die kultuur en tradisies van hul volk aan hulle kinders oor te dra nie (Van Jaarsveld, 1982:211).

Tydens sy referaat oor onderwysbetrokkenheid by opvoedende onderwys, het Van der Merwe (1982:3) die kongresgangers by die Afrikaneronderwyskongres daarop gewys dat die Afrikaner deur sy geskiedenis heen afgestem was op kultuur- en volksgebonde onderwys, wat op sy beurt die besondere siening van die Afrikaner gesterk het dat die skool die opvoeding en kultuuroordrag van die ouerhuis moet voortsit.

## 5.7 SAMEVATTENDE EVALUERING

### 5.7.1 Vooraf

In hierdie hoofstuk is aandag geskenk aan historiese momente van ouerbetrokkenheid in die opvoedende onderwys van blanke kinders in Suid-Afrika sedert 1652 tot die hede.

Die doel van die bevraging van die verlede is om vas te stel of die ouer sy kind as skepping van God aanvaar het en ook of die blanke ouers hulself genoegsaam beskikbaar gestel het vir hulle kinders se opvoedende onderwys. Daar is ook gelet op die rol wat die blanke ouer op mikro-onderwysvlak in die opvoedende onderwys van hulle kinders gespeel het. Verder is gepoog om vas te stel in hoe 'n mate die ouer toegerus was vir die skepping van 'n geborge opvoedende onderwysatmosfeer vir hulle kinders op mikro-opvoedende onderwysvlak. Ook is gelet op die bydrae wat die ouer as kultuurdraer kon lewer tot die opvoedende onderwys van die kind sonder om sy bevoegdheidsterrein te oorskry.

In hierdie samevattende evaluering word afgesluit met 'n evaluering van die algemene tendense wat na vore gekom het uit die bevraging van die verlede ten opsigte van ouer-

betrokkenheid in Suid-Afrika sedert 1652 tot in 1991. Hierdie evalueringsgedeelte word gedoen aan die hand van die fundamenteel-opvoedkundige beginsels soos uitgespel in hoofstuk 2.

### 5.7.2 Onvoorwaardelike aanvaarding

Dit blyk dat die ouers gedurende die Nederlandse bewind (1652-1806) hul doopbelofte gestand gedoen het om hulle kinders onvoorwaardelik te aanvaar en om hulle kinders Godvresend opvoedend te onderwys. Ook gedurende die Britse bewind (1806-1910) en veral tydens die Groot Trek was dit die Afrikanerouer se anker waaraan hulle vasgehou het om hulle kinders as Goddelike skepsels te aanvaar en opvoedend te onderwys (vergelyk paragrawe 5.3.2 en 5.4.2).

Gemeet aan die norme wat gestel word ten opsigte van ouerbetrokkenheid was die voorgenoemde tydperk (1652-1806) bevorderlik vir die opvoedende onderwys van die kinders. Die beginsel dat die ouers as volwassenes uit liefde hulle kinders (nie-volwassenes) volledig probeer ontwikkel het, is grootliks nagekom. Aangesien die gesin nie so gestruktureerd was om hulle kinders volledig en gedifferensieerd te ontsluit nie, het die kerk as samelewingsverband ingetree om die ouers behulpsaam te wees om hierdie taak te behartig. Die ouers het met die aflegging van die doopbelofte en met die opvoedende onderwys wat gemik was op die bereiking van waardige lidmaatskap van die kerk bewys gelewer dat hulle hul kinders onvoorwaardelik aanvaar het (vergelyk paragraaf 2.6.2).

Die doelbepalende funksie van die gesin, naamlik die etiese, is deur die ouers uitgeleef in die trou en onderlinge verantwoordelikhede van die gesin aan mekaar. Die ouers se Christelike lewensopvatting het daartoe gelei dat die ouers van hulle kinders verwag het om ook self 'n bydrae te lewer tot hulle onvoorwaardelike aanvaarding deur hulle gehoorsaamheid aan hulle ouers (vergelyk paragraaf 5.3.2).

Verder blyk dit dat die ouers gedurende die tydperk 1910 tot 1967 ook hul doopbelofte wou nakom en daarom in opstand gekom het teen die staatskole. Volgens die ouers se lewensopvatting het die kinders nie aan die staat behoort nie maar is deur God aan die ouers toegeken en daarvolgens het die ouers hulle kinders in liefde aanvaar en tot gehoorsaamheid opgevoed (vergelyk paragraaf 5.5.2 en 2.6.2).

Al het die Wet op Nasionale Onderwysbeleid (Wet 39 van 1967) Christelik-nasionale onderwys gewaarborg, het die uitlewing daarvan nie besonder sterk in die praktyk na vore gekom nie. Gedurende die tydperk vanaf die erkenning van Christelike en Nasionale on-

derwys (1967) tot 1991 word die indruk geskep dat die ouers nie rede gehad het om aktief by die opvoedende onderwys van hulle kinders betrokke te raak nie, omdat die onderwysers goeie werk gedoen het in die verband. Bewyse word hiervoor gevind in die afwesigheid van Afrikaanse ouerverenigings vir Christelike opvoeding en onderwys in 1981 om kommentaar te lewer op die onderwysverslag se beginselgrondslag. Vervlegting tussen die skool en die gesin was dus nie so georganiseer dat dit die opvoedende onderwys die beste kon dien nie (vergelyk paragraaf 2.6.2 en 5.6.2).

### 5.7.3 Beskikbaarheid van die ouers

Vanaf die volkstigting in 1652 het die ouers in Suid-Afrika hulself grootliks beskikbaar gestel vir hulle kinders se opvoedende onderwys deur hulle finansiële bydrae. Hierdie gevolgtrekking word gemaak na aanleiding van ouers se finansiële bydraes soos die betaling van die onderwyser se salaris asook bydraes tot oprigting van skole. 'n Kenmerk van die tydperk was dat die ouers hulself beskikbaar gestel het vir hulle kinders se opvoedende onderwys. Die ouers het meelewend, meesprekend en hulpvaardig betrokke geraak by die opvoedende onderwys van hulle kinders. Die ouers se beskikbaarheid het ook bygedra dat hulle kinders se moeilike omstandighede so gunstig moontlik kon wees vir hulle opvoedende onderwys (vergelyk paragraaf 2.6.2 en 5.3.3).

Teen 1683 het die koloniste-ouers ook die beginsel van ouerbetrokkenheid uitgeleef deur seggenskap te verkry by die onderwysinrigtings waar hulle kinders was om in vervlegting met die staat en die skool te kon optree. As drukgroep het die ouers dit vermag dat daar 'n skoolgebou vir hulle kinders opgerig word. Met die toestemming van die regering kon die koloniste-ouers hulself beskikbaar stel deur die verskaffing van boumateriaal vir die skool na hulle verskoekskrif aan die regering (vergelyk paragraaf 2.6.2 en 5.3.3).

Die koloniste-ouers het sorg gedra dat hulle kinders leer Bybel lees en kon skryf. Veral die ouers op die platteland het hulself beskikbaar gestel om by hulle kinders te staan met hulle opvoedende onderwys. Die begin van die agtiende eeu is daardeur gekenmerk dat ouers geredelik beskikbaar was vir hulle kinders se opvoedende onderwys (vergelyk 5.3.3).

Uit die Nederlandse sowel as Britse tydperke blyk dit dat die ouers nie gelukkig was met die gehalte van onderwys of die onbesprokenheid van die onderwysers nie. Dit het die ouers genoop om hulself beskikbaar te stel deur self in te gryp ten opsigte van hulle kinders se opvoedende onderwys. Die ouers het gedurende hierdie tydperke ook die taak van opvoedende onderwys gesamentlik aangepak deur òf onderwysers te bekom òf self onderwys te verskaf. Om hulle kinders se opvoedende onderwys te bevorder het die ouers

dus meelewend en hulpvaardig betrokke geraak by die formele onderwys van hulle kinders (vergelyk paragraaf 2.6.2 en 5.4.3).

Die moeilike omstandighede waarin die ouers gedurende die Groot Trek geleef het, het hulle as ouers genoop om meer beskikbaar te wees vir hulle kinders se opvoedende onderwys. Na die vestiging van die Trekkers in Transvaal, Vrystaat en Natal is die negentiende eeu gekenmerk deur die oorheersing van die Staat ten opsigte van die kinders se opvoedende onderwys. Die ouers moes in die tydperk slegs finansieel beskikbaar wees. Dit was eers aan die begin van die twintigste eeu dat daar aan die ouers erkenning verleen is om deur middel van skoolkomitees hulself georganiseerd beskikbaar te stel. Die ouers het dus seggenskap verkry in die opvoedende onderwys van hulle kinders deur middel van die skoolkomitees en hulle kon toesien dat die rigting van die skool in ooreenstemming met hulle eie lewensopvatting was (vergelyk paragraaf 2.6.2 en 5.4.3).

Sedert Uniewording is die ouers na die stede gedwing en was die ouers nie meer so geredelik beskikbaar vir hulle kinders se opvoedende onderwys nie. Die ouers was weens hulle werksomstandighede en vryetydsbesteding meer uithuisig. Die moeder het ook na die Tweede Wêreldoorlog die arbeidsmark betree en was sodoende minder beskikbaar vir haar kinders se opvoedende onderwys. Die ouers kon dus nie meer sorg dra dat hulle kinders se omstandighede gunstig kon wees vir hulle opvoedende onderwys nie (vergelyk paragraaf 2.6.2 en 5.5.3).

Na die implementering van die Christelik-nasionale onderwyswet (Wet 39 van 1967) het die ouers nie van die geleentheid gebruik gemaak om deel te neem aan die opvoedende onderwys van hulle kinders nie. Die ouers wat deur die wet 'n plek in die opvoedende onderwys gegee is om hulself beskikbaar te stel deur ouerverenigings, skoolkomitees en beheerrade, het volgens die RGN-verslag nie goed genoeg daarop gereageer nie. Volgens die verslag het daar 'n swak ouerbelangstelling ten opsigte van statutêre liggame geheers. Die vervlegting wat moes plaasvind tussen die skool en die gesin wat georganiseer moes word deur die knoopstrukture het dus nie tot sy reg gekom nie en die opvoedende onderwys kon nie ten beste gedien word nie (vergelyk paragraaf 2.6.2 en 5.6.3).

Die tydperk sedert 1967 is ook gekenmerk deur die feit dat ouers en veral vaders hulself nie beskikbaar gestel het vir die opvoedende onderwys van hulle kinders nie. Dit kan toegeskryf word aan omstandighede van ouers wat gewerk en sodoende die opvoedende onderwys van hulle kinders aan die ander samelewingsverbande soos die kerk, staat en skool oorgelaat het. As gevolg van die vaders se sosiale bedrywighede en materiële versorging van hulle gesinne, kon hulle nie so geredelik beskikbaar wees vir hulle kinders

se opvoedende onderwys nie. Omdat geen samelewingsverband sy opvoedingstaak mag misbruik of in onbruik laat verval nie, kan die ouers en veral die vaders beskuldig word van negering van hulle opvoedingsverantwoordelikheid (vergelyk paragraaf 2.5.2 en 5.6.3).

### 5.7.4 Skep van geborgenheidsruimte

'n Kenmerk van die drie tydperke naamlik dié van die Nederlandse bewind, Britse oorheersing sowel as die Groot Trek was dat die ouers alles in die werk gestel het om 'n geborgenheidsruimte vir hulle kinders te skep. Daar het meer vastigheid in die kinders se lewens bestaan omdat hulle 'n positiewe affektiewe belewing van onbevangenheid, tevredenheid en kalmte in hulle tuiswees kon ondervind. Veral die moeder het voldoen aan die verwagtinge en het, hetsy in die huis of die watent, 'n geborgenheidsruimte vir haar kinders geskep. Die ouers het dus aan hulle kinders die geborgenheidsruimte gebied binne die ouerhuis omdat hulle hul kinders in die huis onderwys het of laat onderwys het. Die ouers kon dus hulle medeseggenskap uitoefen omdat die opvoedende onderwys in die ouerhuis self kon plaasvind (vergelyk paragrawe 2.6.2; 5.3.4 en 5.4.4).

Benewens die feit dat die gevestigde kolonistegesinne 'n egte liefdesgemeenskap was, wat 'n eenheidsgevoel tussen die lede teweeg gebring het, was die gesin as versorgingsgemeenskap ook verantwoordelik vir die versorging van sy lede. Hier was veral die moeder grootliks verantwoordelik vir die skep van 'n geborgenheidsruimte vir haar kinders (vergelyk paragraaf 2.3.2.2.5).

Gedurende die tydperk 1910 tot 1967 was die moeder ook verplig om te gaan werk. Dit het hoë eise aan haar gestel om haar verantwoordelikhede ten opsigte van haar kinders se opvoedende onderwys na te kom. Die kinders is meer en meer in die hande van bediendes en die skole gelaat, selfs in die namiddae. Dit het daartoe aanleiding gegee dat die kinders ook meer en meer van die gesin af weggeleef en 'n ongeborge ruimte betree het by die huis. Veral die moeder het klaarblyklik gefaal as 'n skepper van 'n geborgenheidsgemeenskap omdat sy nie die kinders kon toerus met 'n veilige en ankerruimte nie (vergelyk paragraaf 2.3.2.2.6 en 5.5.4).

In teenstelling met die eersgenoemde tydperke waar die patriargale gesin aan die orde van die dag was, is die tydperke vanaf Uniewording gekenmerk deur die gebrek aan die ouers se betrokkenheid in die skepping van geborgenheidsruimtes vir hulle kinders. Die patriargale gesin het so 'n evolusie ondergaan dat dit klaarblyklik in die niet verdwyn het en 'n gesin van gelyke beregtigting grootliks in die huidige tyd (1991) herkenbaar is. Dit het ook daartoe gelei dat die vaderfiguur grootliks uit die opvoedende onderwys verdwyn

het en daarmee saam die gesagsuitoefening en -aanvaarding. Die gesin is dus ontneem van die mees natuurlike en primêre gemeenskapstruktuur waarin die gesinslede kon saamwoon, -leef, -doen, -glo en streef. Die eenheidsgemeenskap wat deur die liefdesband die lede van die gesin moes saambind sodat hulle gesamentlik as eenheid in die samelewing kon optree, het klaarblyklik tot niet gegaan (vergelyk paragrawe 2.3.2.2.2; 5.5.4 en 5.6.4).

### 5.7.5 Ouers as kultuurdraers

Die koloniste-ouers wat 'n nuwe vaderland aangeneem het na 'n felle godsdiensstryd, het met groot toewyding aandag geskenk aan die kultuuroordrag van hulle kinders deur middel van opvoedende onderwys. Vandat die Nederlanders hulle halfweghuis aan die Kaap die Goeie Hoop gestig het en selfs tot aan die einde van die Britse oorheersing was kerklidmaatskap van hulle kinders die doel waarna gestreef is. Die ouers het die Bybel as kern van hul kultuuroordrag behou en volgens hul Protestants-Christelike lewensopvatting geleef. Klaarblyklik het die koloniste-ouers hulle bepaalde vryhede, regte, roepinge en verantwoordelikhede binne die samelewingsverbande besef en het hulle veral uitgeleef in die kerklidmaatskap van hulle kinders (vergelyk paragrawe 2.6.2; 5.3.5 en 5.4.5).

Die ouers het vanaf 1652 dit as hul plig beskou om toe te sien dat die onderwys wat hulle kinders ontvang het in ooreenstemming met hulle eie lewensopvatting was en daarom het hulle byvoorbeeld hulle seggenskap in die opvoedende onderwys van hulle kinders deur middel van kerkrade uitgeoefen (vergelyk paragrawe 2.6.2; 5.3.5 en 5.4.5).

Die Afrikanerouers het sedert die Britse bewindoorname in 1806 sterk na vore getree as kultuurdraers van hulle kinders. Met die poging van verengelsing net na die Britse bewindoorname het die ouers sterk standpunt ingeneem ten gunste van hulle moedertaal en ook hulle kinders daarvolgens opvoedend onderwys. Die taalstryd oor die medium van onderrig het gestrek tot na Uniewording, waarna die ouers se stryd as kultuurdraers eers vrugte afgewerp het met die erkenning van die huistaal as medium van onderrig in die skole (vergelyk paragraaf 5.4.5).

Die ouers se strewes en kultuuroordrag deur middel van betrokkenheid het aanklank gevind in die Afrikaner se godsdienstige lewensopvatting om eie skole en kerke vir hulle kinders beskikbaar te stel. Die ouers se stryd om C.N.O.-skole vir hulle kinders op te rig was tot en met die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika (1910) 'n prominente kenmerk van die tydperk (vergelyk paragrawe 2.6.2; 5.3.5 en 5.4.5).

Vanaf 1910 is daar deur die Afrikaner-ouers periodiek aandag geskenk aan Christelike onderwys vir hulle kinders. Die C.N.O.-beginsel wat aanklank gevind het by die godsdienstige volksaard is eers weer in 1967 deur wetgewing op vaste fondamente geplaas. Die ouers het dus in dié tydperk nie hulle verantwoordelikhede ten opsigte van hulle kinders se opvoedende onderwys nagekom nie (vergelyk paragraaf 2.6.2 en 5.4.5).

Jare se stryd om behoud van die volkseie kan as rede aangevoer word dat nasionalisme baie sterk op die voorgrond getree het. Na die Jameson-inval was dit opmerklik dat nasionalisme die Afrikanerouer aangevuur het om as kultuurdraer by sy kinders se opvoedende onderwys op te tree. Die ouers het hul medeseggenskap aanvaar en in vervlegting met die samelewingsverbande soos die staat en skool, aangedring op die nakoming van dié samelewingsverbande se verantwoordelikhede ten opsigte van die opvoedende onderwys van hulle kinders. Hulle het betrokke geraak by hulle kinders se kultuuroordrag ten opsigte van vaderlandsliefde en uitbouing van 'n eie moedertaal (vergelyk paragraaf 2.6.2 en 5.4.5).

Snelle industrialisasie- en nywerheidsontwikkeling het van die Afrikanerouer 'n verarmde persoon gemaak. Gedurende die tydperk 1910 tot 1967 het die ouers se selfstandigheidsgevoel verander in 'n afhanklikheidsgevoel. Hierdie veranderde houding van die ouers het daartoe bygedra dat die skole die kultuurdraers geword het. Selfs tydens die huidige tydstip (1991) is dit ook aan die orde van die dag en het die ouers klaarblyklik afgesien van die rol wat hulle moet vervul as kultuurdraers van hulle kinders se opvoedende onderwys. Die feite spreek duidelik dat die ouers in gebreke bly ten opsigte van hul eie kultuurbeoefening as gelet word op die bywoning van kultuurfeeste. Die ouers se medeseggenskap ten opsigte van die oordra van kultuur aan hulle kinders het stelselmatig verander en hulle het die seggenskap, regte, bevoegdhede en verantwoordelikhede wat hulle as samelewingsverband besit in die hande van die ander samelewingsverbande soos die staat en skole gelaat (vergelyk paragrawe 2.6.2; 5.5.5 en 5.6.5).

### 5.7.6 Oorsig

Uit die voorafgaande skyn dit asof die posisie van ouers se betrokkenheid ten opsigte van hulle kinders se opvoedende onderwys algaande verswak het. Soos genoem in Hoofstuk 1 paragraaf 1 het die ouer as gevolg van die beskaafdwording van die wêreld geleidelik sy regmatige aandeel in die opvoedende onderwys van sy kind verloor. Feite dui daarop dat die ouer vandag feitlik geen inspraak of seggenskap in die opvoedende onderwyssake van sy kind in Suid-Afrika het nie.

Die beskouing dat die ouer in die R.S.A. se betrokkenheid geleidelik vervlak het tot minder belangrike terreine soos toesig oor fisiese geriewe en die aanbevelings van applikante vir vakatures, is afkomstig van die ouers se mening dat hulle nie 'n betekenisvolle bydrae kan lewer nie. Een van die redes wat aangevoer word is dat die onderwys 'n te gespesialiseerde terrein is waarvoor professionele kennis en kundigheid benodig word.

Dat die ouers in die verlede wel betrokke was by die opvoedende onderwys van hulle kinders kan nie sonder meer afgemaak word nie. Die onskatbare waarde van die ouers se aandeel in die dienslewering by die organisasie van die skole kan nie geïgnoreer word nie. Daarvoor moet erkenning en waardering aan die ouers gegee word vir hulle betrokkenheid by die opvoedende onderwys van hulle kinders. Dikwels raak die ouers onwetend betrokke by die opvoedende onderwys van hulle kinders wanneer hulle oplossings soek vir hulle kinders se probleme. Sodra die ouers by die skool betrek word om op komitees te dien om sodoende die belange van hulle kinders te behartig, is die betrokkenheid beperk tot enkele ouers.

Met die navorsing uit die verlede is gepoog om die ouers se betrokkenheid by hulle kinders se opvoedende onderwys bloot te lê. Om riglyne vir die toekoms uit te stippel, word daar in Hoofstuk 6 'n empiriese ondersoek geloods. Omdat sover vasgestel kon word werklike empiriese navorsing in hierdie verband in Suid-Afrika nog min gedoen is, is dit juis die doel van hierdie empiriese ondersoek om die leemte aan te vul.

Die beskouing dat die ouer in die R.S.A. se betrokkenheid geleidelik vervlak het tot minder belangrike terreine soos toesig oor fisiese geriewe en die aanbevelings van applikante vir vakatures, is afkomstig van die ouers se mening dat hulle nie 'n betekenisvolle bydrae kan lewer nie. Een van die redes wat aangevoer word is dat die onderwys 'n te gespesialiseerde terrein is waarvoor professionele kennis en kundigheid benodig word.

Dat die ouers in die verlede wel betrokke was by die opvoedende onderwys van hulle kinders kan nie sonder meer afgemaak word nie. Die onskatbare waarde van die ouers se aandeel in die dienslewering by die organisasie van die skole kan nie geïgnoreer word nie. Daarvoor moet erkenning en waardering aan die ouers gegee word vir hulle betrokkenheid by die opvoedende onderwys van hulle kinders. Dikwels raak die ouers onwetend betrokke by die opvoedende onderwys van hulle kinders wanneer hulle oplossings soek vir hulle kinders se probleme. Sodra die ouers by die skool betrek word om op komitees te dien om sodoende die belange van hulle kinders te behartig, is die betrokkenheid beperk tot enkele ouers.

Met die navorsing uit die verlede is gepoog om die ouers se betrokkenheid by hulle kinders se opvoedende onderwys bloot te lê. Om riglyne vir die toekoms uit te stippel, word daar in Hoofstuk 6 'n empiriese ondersoek geloods. Omdat sover vasgestel kon word werklike empiriese navorsing in hierdie verband in Suid-Afrika nog min gedoen is, is dit juis die doel van hierdie empiriese ondersoek om die leemte aan te vul.